# Wat Wil God Hê?

Michael S. Heiser

Vertaling deur

Frederik C. Bruwer

Alle Skrifture, behalwe as anders aangedui, word aangehaal vanuit Die Heilige Bybel, Afrikaans 83 Vertaling® (AFR83®), kopiereg © Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1975, 1979, 1983, 1990. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Skrifture word ook aangehaal vanuit Die Bybel, Afrikaans 53 Vertaling® (AFR53®), kopiereg © Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953, 1965, 2013. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

Skrifture word ook aangehaal vanuit The Holy Bible, English Standard Version® (ESV®), kopiereg © 2016 Crossway Bibles, ‘n onderafdeling van Good News Publishers. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

V063/ISBN 0 7982 0874 0
ISBN 978-0-7982-1738-5
ISBN-13: 978-0692199046 (Blind Spot Press)
Alle regte voorbehou.

Voorblad: Geen

## Ander Boeke deur die Skrywer

*Supernatural: What the Bible Teaches about the Unseen World and Why it Matters*

*The Unseen Realm: Recovering the Supernatural Worldview of the Bible*

*Angels: What the Bible Really Teaches About God's Heavenly Host*

*Demons: What the Bible Really Teaches About the Powers of Darkness*

*I Dare You Not to Bore Me with the Bible*

*The Bible Unfiltered: Approaching Scripture On Its Own Terms*

*Reversing Hermon: Enoch, the Watchers, and the Forgotten Mission of Jesus Christ*

*Brief Insights on Mastering Bible Study (The 60-Second Scholar series)*

*Brief Insights on Mastering the Bible (The 60-Second Scholar series)*

*Brief Insights on Mastering Bible Doctrine (The 60-Second Scholar series)*

*The Façade* (fiksie)

*The Portent* (fiksie)

## Afkortings vir die Boeke van die Bybel (waar nodig)

**Ou Testament**

Gen (Genesis)
Eks (Eksodus)
Lev (Levitikus)
Num (Numeri)
Deut (Deuteronomium)
Jos (Josua)
Rig (Rigters)
Rut
1-2 Sam (1-2 Samuel)
1-2 Kon (1-2 Konings)
1-2 Kron (1-2 Kronieke)
Esra
Neh (Nehemia)
Ester (Est)
Job
Ps (Psalms)
Spr (Spreuke van Salomo)
Pred (Prediker)
Hoogl (Hooglied van Solomon)
Jes (Jesaja)
Jer (Jeremia)
Klaagl (Klaagliedere van Jeremia)
Eseg (Esegiël)
Dan (Daniël)
Hos (Hosea)
Joël
Am (Amos)
Ob (Obadja)
Jona
Miga
Nah (Nahum)
Hab (Habakuk)
Sef (Sefanja)
Hag (Haggai)
Sag (Sagaria)
Mal (Maleagi)

**Nuwe Testament**

Matt (Matteus)
Mark (Markus)
Luk (Lukas)
Joh (Johannes)
Hand (Die Handelinge van die Apostels)
Rom (Romeine)
1-2 Kor (1-2 Korintiërs)
Gal (Galasiërs)
Ef (Efesiërs)
Fil (Filippense)
Kol (Kolossense)
1-2 Tess (1-2 Tessalonisense)
1-2 Tim (1-2 Timoteus)
Tit (Titus)
Filem (Filemon)
Heb (Hebreërs)
Jak (Jakobus)
1-2 Pet (1-2 Petrus)
1-2-3 Joh (1-2-3 Johannes)
Jud (Judas)
Op (Die Openbaring aan Johannes)

## Opdrag

Aan almal wat hulle reis van geloof in Jesus begin en aan hulle wat lank gelede begin het, maar voel asof hulle nog op dieselfde plek is.

# Inhoudsopgawe

*Voorwoord*

*Inleiding*

**Deel I: Die Verhaal**

Hoofstuk Een: God Wou ‘n Familie Hê

Hoofstuk Twee: God Wou Nog Steeds ‘n Familie Hê

Hoofstuk Drie: God Was Deur Sy Familie Verraai

Hoofstuk Vier: God Het By Sy Menslike Familie Aangesluit

Hoofstuk Vyf: God Streef Sy Familie Na

Hoofstuk Ses: God Is Verewig By Sy Familie

*Samevatting en Voorskou*

**Deel II: Die Evangelie**

Hoofstuk Sewe: Wat Is Die Evangelie?

**Deel III: Om Jesus te Volg**

Hoofstuk Agt: Wat Is Dissipelskap?

Hoofstuk Nege: Wat Doen ‘n Dissipel?

*Belangrike Name en Terme (Woordelys)*

*Samevatting van Bonatuurlike Terme*

## Voorwoord – Moet Dit Asseblief Nie Oorslaan Nie

Ek hoop dit het jou aandag getrek. Ek weet . . . voorwoorde is soos om in ‘n ry te staan en wag (vir enigiets), om na ‘n uitsending van die parlament op televisie te kyk of om in spitsverkeer vas te sit. Ek kan nie belowe dat hierdie voorwoord opwindend gaan wees nie, maar dis belangrik.

Dié boek is ‘n inleiding tot die *werklike* boodskap van die Bybel - God se liefde, hoe God wil hê dat jy die ewige lewe saam met Hom moet deel en hoe God wil hê jy ander mense moet help leer oor die eerste twee punte. Baie eenvoudig, maar waarskynlik *nie* waaraan jy gewoond is in die opsig *nie*. Dié is nie jou alledaagse “Christenskap 101” boek nie. Die boek sal onderwerpe behandel waarvan jy nog nie gehoor het nie en ek sal bekende onderwerpe uit ‘n nuwe perspektief benader.

Ek het twee lesers in gedagte met die boek. Die eerste is iemand wat baie onlangs tot geloof in Jesus gekom het. As dit jy is, behoort jy alreeds ‘n bietjie geïntimideer te wees deur die Bybel. Die Bybel raak aan baie konsepte wat snaaks klink en moeilik is om te verstaan nie. Vertrou my, ek weet hoe jy voel. Toe ek in Jesus as ‘n tiener begin glo het, het ek so te sê niks van die Bybel af geweet nie. Ek het van Jesus gehoor, van Noag en Adam en Eva. Dit was dit. Dié is ‘n boek wat ek wens iemand aan my kon gee, nadat ek die evangelie aanvaar het. Dit sou my help om kop-of-stert uit te maak van die Bybel verhaal en sommige belangrike konsepte. Ek glo dié boek sal dit vir jou doen.

Die tweede leser wat ek in gedagte het, is die persoon wat Jesus nou al ‘n rukkie lank ken, maar “vasgevang” voel. Jy glo in Jesus, jy was betrokke in ‘n kerk vir so rukkie (dalk ‘n lang tydperk), maar jy het die knaende gevoel dat daar meer moet wees – daar moet eenvoudig net meer wees aan die Bybel as wat jy alreeds aan blootgestel is. Jy voel so bietjie verlore wanneer dit kom by die werklike betekenis van om Jesus te volg. Daar moet meer wees aan dit as om Sondae in aanbidding te verkeer, om met Christen vriende te kuier en om betrokke te raak by kerk groepies. Ek wil jou laat weet dat jou vermoedes reg is. Die boek sal jou help om vorentoe te beweeg.

Dit mag teenstrydig klink, maar die boek poog om belangrike basiese beginsels voor te stel (of dalk weer voor te stel) aan slim mense. Ek neem altyd aan dat my lesers intelligent is. Die boek sal van julle help om konsepte te hersien in ‘n verfrissende manier. Vir dié wat begin met hulle reis, weet dat ons almal iewers moes wegspring. Hier is ons nou.

Ek hoop die boek berei lesers voor vir die ander boeke wat ek geskryf het. Nadat jy die boek gelees het, stel ek voor jy lees *Supernatural: What the Bible Teaches about the Unseen World – And Why It Matters.* Vir Engelse lesers is die boek beskikbaar aanlyn deur Amazon.com of deur die uitgewer, Lexham Press. Daar is ook gratis video opnames aanlyn beskikbaar waar ek belangrike konsepte in die boek bespreek. Vir lesers in ander tale, daardie boek is gratis beskikbaar by https://www.miqlat.org/translations-of-supernatural.htm.

Nadat *Supernatural* klaar gelees is, hoop ek lesers beweeg aan na die ander boeke wat ek geskryf het, boeke wat demonstreer dat daar baie meer is om te leer uit die Bybel en oor God as wat jy dalk gehoor het in die kerk: *I Dare You Not to Bore Me with the Bible; The Bible Unfiltered: Approaching Scripture on Its Own Terms;* en *The Unseen Realm: Recovering the Supernatural Worldview of the Bible.*

Ek hoop ook dat almal luisteraars sal word van my *Naked Bible Podcast*. Die naam reflekteer my doel om luisteraars bybelse inhoud te gee in die Bybel se eie, oorspronklike konteks, vry van moderne denominasionele filters en aannames gebasseer op die moderne Westerse paradigmas. Ek gee net om oor wat die bybelse teks, verstaan in die Bybel se eie konteks, kan handhaaf – nie wat tradisies sê rakende die teks nie. Elke maand is daar honderde duisende luisteraars wat weer leer om die Bybel te lees, vir die eerste keer. Die opwinding van ontdekking is iets wat elke gelowige moet ondervind met reëlmaat. Dis hoekom ek doen wat ek doen.

Dankie dat jy die voorwoord gelees het!

# Inleiding

Wat wil God hê?

Klink soos ‘n eenvoudige vraag, maar as jy so bietjie oor dit dink, is dit nie regtig eenvoudig nie.

Hoekom? Om mee te begin, jy moet weet wie die vraag vra. Mense vra die vraag vir verskillende redes. Is dit ‘n uitroep van woede deur iemand in pyn? Dalk is dit ‘n skaars hoorbare fluisterstem wat die stilte breek vanuit ‘n diep hartseer. Is die motivering nuuskierigheid? Of word dit dalk gevra deur ‘n begeerte om te reflekteer en gedagtes te ondersoek? Dit is nie moeilik om te sien dat deur die regte antwoord te gee, bepaal *hoekom* die vraag gevra word.

Aangesien ek die een is wat die vraag vra, is dit maklik om op te klaar. Laat ek jou eerste vertel wat my *nie* motiveer *nie*. Ek vra nie die vraag want ek weet nie wat die antwoord is nie, want ek doen. Inteendeel, ek weet wat die antwoord is vir almal, ten minste in terme van die antwoord wat God self sou gee, met betrekking tot ons almal. Dit is presies hoe ek dit vra. Ek vra dit om jou te help dink aan sekere belangrike konsepte. Wanneer ek vra, “Wat wil God hê?” vra ek werklik: *Wat wil God hê wanneer dit kom by elke persoon in die mensdom?* Wat wil Hy hê as dit kom by my en my lewe, en by jou en jou lewe?

Voor ek by die antwoord kom, is dit redelik vanselfsprekend dat die vraag ‘n godsdienstige vraag is. Vrae oor God word natuurlik in daardie lêer geliaseer. Ek het die vraag gevra en sal dit antwoord omdat ek belangstel in God. Meeste mense stel nog belang in God, alhoewel hulle nie in die kerk belangstel nie. Dit is nie ‘n probleem nie want jy het nie die kerk nodig om oor God te praat nie. Ek is nie ‘n pastoor of ‘n priester nie, maar ek het daarvan ‘n loopbaan gemaak om die Bybel te bestudeer (ja, dit is inderdaad moontlik). Aangesien ek die een is wat vra, gaan my antwoord ‘n Bybelse antwoord wees. Dit vernou die fokus so bietjie meer. My doel is om te verduidelik hoe die Bybel die vraag “Wat wil God hê?”, sal beantwoord.

Nou vir die antwoord. Dit is eenvoudig. God wil *jou* hê.

Die antwoord mag jou verbaas en jy mag twyfel in dit, dis oukei, dit is die regte antwoord. Om eerlik te wees, dit is nie *genoeg* van ‘n antwoord nie. Jy kan nie ‘n gevoel kry van hoe ongelooflik en diepgaande die antwoord is met slegs die een sin nie. Jy het konteks nodig om te besef hoeveel liefde agter die antwoord is. Daar is eintlik ‘n lang en merkwaardige *verhaal* agter die antwoord.

Aangesien daarvan, is die boek nie alleenlik oor wat God wil hê nie, maar ook oor die *dinge wat God wil hê jy moet weet.* Ja, Hy wil jou hê, maar vir jou om dit te waardeer en (hopelik) dieselfde te voel oor God, het jy bietjie konteks nodig.

Dit is natuurlik my werk. Ons sal begin met God se verhaal. Daar is baie hartseer in die verhaal, maar niks van dit het ooit God se denke oor jou (of my, gelukkig) verander nie. Sodra ek die verhaal klaar vertel het (dis nie die hele boek nie so as jy nie ‘n ywerige leser is nie, is die geluk aan jou kant) sal ek dieper grou in sekere belangrike gedeeltes van die verhaal. As jy slegs die verhaal gedeelte lees, sal jy die antwoord kry waarmee ons begin het. Ek neem aan dat jy sal wil aanhou, ek hoop jy doen. Dit is goeie inligting.

Voordat ons inspring het ek een verklaring. As jy baie van jou tyd in die kerk spandeer het, mag jy dalk dink dat jy die verhaal ken. Jy ken verseker gedeeltes van die verhaal, maar ek kan jou waarborg daar sal verrassings wees. Ongelukkig verduister godsdiens te veel die wonder van God se verhaal. Somtyds word die kerk en voorkeure in denominasies meer belangrik as die verhaal. Dis nie die kwessie hier nie.

Al neem ek aan dat van die lesers vertroud is met die Bybel, is ek nog steeds vol vertroue dat jy nuwe waarhede sal ontdek en nuwe maniere om oor die ou waarhede te dink. As jy nog nooit in ‘n kerk was of veel gehoor het van die Bybel af nie, is jy die perfekte leser. Daar is niks om te ontleer of herleer nie. Dit is alles vars. Ek dink jy gaan die opwinding om te ontdek wat God wil hê en hoekom, geniet.

# Deel I: Die Verhaal

## Hoofstuk 1

## God Wou 'n Familie Hê

My eerste gedagtes van God was nie dat Hy 'n deursigtige pa in die hemel is nie maar 'n skepper, 'n kragtevolle wese ver weg van alles af. Ek het aangeneem dat Hy van my en almal weet, maar het nie geweet wat Hy dink (of dat Hy dink) oor my en die ander mense in die wêreld nie. Ek het nie getwyfel dat Hy daar was nie - nie soos 'n werklike teenwoordigheid in die kamer tipe ding nie - maar eerder dat God min of meer 'n losstaande waarnemer is Wie se aandag ek moontlik kan trek van tyd tot tyd (dalk as ek in die moeilikheid was). Ek het nie aan God gedink as Iemand wat my uitgesoek om kwaad aan te doen of Iemand wat nie van my hou nie. Van my kant af, het ek aanvaar dat God werklik was en ek het geen rede gehad om te dink dat Hy vyandig was nie. Dit was dit. Soos die gesegde gaan, uit die oog, uit die hart.

Ek het baie gehad om oor God te leer, ek nie na Hom gehunker nie en het ek aangeneem dat Hy nie na my hunker nie. As iemand my sou vra of God my uitgesoek het, dink ek my antwoord sou gewees dat God beter dinge gehad het om te doen. Ek sou vermoed dat ek niks noemenswaardig gedoen het (goed of sleg) wat Sy aandag verdien het nie.

Ek was verkeerd. God *het* my uitgesoek. Ek het dit net nie besef nie. Ek weet nou dat God my uitgesoek het, want dis Sy natuur om ons uit te soek. Hy is *verbind* aan ons.

Hoe weet ons dit van God? (Dit is 'n vraag wat ek meer as een keer gaan vra, so hou jou oë oop!) Kom ons begin deur 'n analogie te tref met onsself. Dit is normaal – deel van ons natuur – om om te gee vir die iets wat ons gemaak het, veral as dit baie moeite vereis het of die gevolg van daadwerklike denke was. Ons gaan natuurlik kwaad word of gegrief voel as iemand dit wat *ons* gemaak, bereik of eerste aan gedink het beledig, verkleineer, vernietig of eis as hul eie. Om *nie* daardie gevoelens te voel nie, is nie normaal nie.

Ons voel die gevoelens want dit is wie ons is. Ons is selfbewus. Ons almal het 'n innerlike lewe, ons intellektuele lewe. Ons gebruik ons intelligensie vir dit wat ons wil hê en dit wat ons plesier sal bring, nie wat ons pyn of verlies sal bring nie. Ons handel opsetlik, nie lukraak of sonder doel nie. Ons word gelei deur ons rasionele denke en intuïsie.

Daar is talle illustrasies van hoekom hierdie akkuraat is. Dinge wat ons dink die geringste is, is opsetlik gedoen, gelei deur rede. Ons borsel ons tande want ons wil nie gate in ons tande of 'n slegte asem kry nie. Ons staan op want ons wil ons werk hou (of beter, ons het iets plesierig om te doen). Ons draai links in plaas van regs want ons het iewers om heen te gaan. Met die geleenthede wanneer ons iets doen wat irrasioneel genoem sou word (soos om iemand te tart

op sosiale media wie dit nooit sal sien of nie omgee nie), is dit nog steeds opsetlik want ons soek 'n begeerde resultaat (om verhewe te voel of "om hulle 'n les te leer"). Selfs as ons iets onplesierigs doen, is dit met die gedagte dat dit goed sal wees vir ons op een of ander manier. Hoekom anders gaan ons op 'n dieet? Ons is van natuur doelgerigte, nie doellose, wesens.

Die teenoorgestelde van hierdie dinge is 'n teken van 'n sielkundige of emosionele onreëlmatigheid.

Die God van die Bybel het ook die profiel. God doen wat Hy doen om te *geniet* wat Hy gedoen het. God het nie die mens geskep omdat Hy iets kort nie. Hy was nie eensaam, asof hy onvoltooid was of geselskap gesoek het, nie. God het niks nodig nie want . . . wel . . . Hy is God. Hy het dinge geskep om die werk van Sy hande te geniet, so te sê. En die dinge waarvoor Hy die meeste omgee is hulle wie Hy geskape het om soos Hy te wees, "in Sy eie beeld" soos die Bybel sê (Gen 1:26). Dit sal ek en jy wees.

*Waar Ons Verhaal Begin*

Ons verhaal – hoekom God ons wil hê – begin met die bybelse begrip dat God ons Skepper is. Ons kan dit nie heeltemal verstaan nie, maar die uiteinde is dat ons hier is want God wou ons hier gehad het. God handel nie lukraak nie. Hy gaan doelgerig te werk. Hy het nie probeer om een of ander tekortkoming te vul met die skepping van die mens nie. Die feit dat Hy ons nie nodig het nie maar ons nog steeds gemaak het, los ons met net een rasionele verduideliking oor ons skepping. God wou ons gehad het sodat Hy ons kan geniet (en ons Hom terug kan geniet).

Omdat God ons geskep het, verwys die Bybel na Hom as ons "Vader" en die mense van Adam af as Sy kinders (Jes 63:16; 64:8; Luk 3:38; Hand 17:28-29; Rom 1:7; 1 Kor 1:3). Dis die rede vir die familie-taal gebruik in die Bybel om God en Sy verhouding aan ons te beskryf. Dit is nie per toeval nie.

Ek is besig om myself vooruit te gaan. Om die konteks van die familie-gesentreerde taal in die Bybel werklik te verstaan, moet ons teruggaan in tyd voor God die aarde en die mens geskape het. Dit mag jou dalk verbaas, maar God was toe ook nie alleen gewees nie. Dis nog 'n rede hoekom ons verseker kan weet dat Hy ons nie geskep het om Sy eensaamheid te genees nie.

Die Bybel vertel ons dat voor God ons geskep het, Hy reeds ander intelligente wesens geskep het. Die Bybel noem hulle die "seuns van God." Ons noem hulle engele. In die Ou Testamentiese boek van Job lees ons dat die seuns van God "gejubel" het nadat God die fondasie van die aarde gelê het (Job 38:4-7). Hulle was reeds teenwoordig en het waargeneem.

Dink aan die sinsnede: "seuns van God." Die Hebreeuse term wat vertaal word as "seuns", kan ook as "kinders" vertaal word om meer omvattend te wees (Gen 3:16; 30:26; 31:43). Wat impliseer 'n sinsnede soos "kinders van God"?

Familie.

"Kinders" is 'n term wat jy sou gebruik as familie die onderwerp van bespreking was. In die geval van Job 38:4-7, is die familie 'n hemelse of bonatuurlike een. God is Vader vir die intelligente wesens wat Hy in die onsigbare realm geskep het.

Die feit dat God reeds 'n bonatuurlike familie gehad het, help ons verstaan wat Sy motivering was vir die skepping van Adam en Eva, die eerste mense in die Genesis verhaal. God wou, bo en behalwe vir Sy bonatuurlike familie, 'n *menslike* familie gehad het. Die verhaal van Eden vertel ons dat God Sy twee families saam wou laat leef in Sy teenwoordigheid. Dit beteken dat, net soos die engele, mense oorspronklik geskep was om in God se teenwoordigheid te wees.

Hoe weet ons dit? (Daar gaan ek weer). Kom ons kyk.

Die eerste boek van die Bybel, Genesis, begin met die skepping. God het reeds baie geskep teen die tyd dat die verhaal by die mense (Adam en Eva) kom. Die verhaal ontvou met God wat plante skep, insekte, vlieënde wesens en land diere. Nie een van die wesens was in staat om 'n verhouding met God te kan hê nie. Hulle kon nie 'n gesprek met God voer nie. Hulle kon nie hulle gedagtes met God deel of hulle waardering aan Hom bekend te maak nie. Familie lede deel met mekaar – hulle handel op 'n intellektuele en emosionele vlak. Hulle vorm bande van kameraadskap. So opvallend as wat plante en diere is, kon hulle nie die rol van kinders vervul nie. Hulle was nie familie nie. Dit is wat God werklik wou gehad het. Hy moes iets soos Homself skep.

*Beelddraers van God*

Nadat God die aarde gevul het met 'n verskeidenheid van plante en diere, het Hy nog werk gehad om te doen. God het besluit om nuwe wesens "in Sy beeld" en "in Sy gelykenis" te vorm (Gen 1:27). Hulle sou Sy aardse familie wees.

Die "beeld van God" is 'n belangrike konsep in die Bybel. Menslike wesens was geskep om soos God te wees. As jy aan die "beeld" van God dink as 'n werkwoord, is jy op die regte pad om die idee te verstaan. Ons was geskep as *beeld* van God, om Sy *beelddraers* te wees – om Hom te verteenwoordig.

Wat beteken dit om God na te beeld? Genesis 1:27-28 gee ons die antwoord:

> God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip."

God kon self sorg vir Sy wêreld. Hy is God. Niks is buite Sy vermoë nie maar God het eerder 'n aardse familie geskep. Sy kinders sou Sy rol inneem om Sy skepping te bestuur en onderhou. Hulle sou Sy plaasvervangers en vennote wees. Om God se beeldraer te wees beteken om God se verteenwoordiger op aarde te wees. God het die mens opdrag gegee om 'n taak te verrig wat Hy self kon doen, maar Hy wou Sy kinders laat deelneem. God se besigheid sou 'n familie-besigheid wees. Eden was nie net God se woning nie, maar ook God se werksplek. Ons was geskep om God se mede-werkers te wees.

God het seker gemaak dat die mense wat Hy gemaak het, die werk sou kon doen om Sy beelddraer op aarde te wees. Hy het Sy eienskappe (Sy kwaliteite en vermoëns) met hulle gedeel – eienskappe soos intelligensie en kreatiwiteit. Die Bybel vertel ons dat mense 'n mindere weergawe is van Wie God is. Hy het ons gemaak om soos Hy te wees, om mede-heersers en mede-onderhouers in Sy nuwe wêreld te wees.

Beelddraer van God is 'n belangrike konsep vir baie redes. Dit gee elkeen van ons 'n fondamentele en diepgaande identiteit. Dit was God se oorspronklike begeerte dat elke mens Sy kind en vennoot sou wees. *Dit* is hoe God na die mensdom kyk. Dit is ook hoe ons veronderstel is om aan mense te dink. God wil hê ons moet aan ander mense dink as broers en susters. Ons almal het dieselfde status as beelddraer van God en wié God in Sy familie wil hê. Rassisme, geweld, manipulasie en dwang was nie deel van God se plan vir die mensdom nie. Dit is die bose resultaat van rebellie en sonde. God haat wat sonde gedoen het aan die mense vir Wie *Hy lief is*. Dit is iets wat ons in gedagte moet hou wanneer ons dink aan ons eie morele mislukkings en die van ander.

Beelddraer van God gee ons ook 'n doel. Ons het 'n roeping. Elke persoon, maak nie saak hoe klein of swak of van korte duur, het 'n rol om te speel in iemand anders se lewe. Elke doelwit wat ons stel, wat God en ons mede-beelddraers eer, word 'n *geestelike* roeping. In God se gedagtes, die rol van 'n pastoor, dominee of priester is nie verhewe bo enige ander roeping nie. Ons seën, wat hulle sal herinner hoe die lewe en harmonie saam met God moet wees, of vervloek ons mede-beelddraers op die manier wat ons leef. Wat ons doen is belangrik – en meeste van die tyd in klein, onskouspelagtige maniere.

Alles hierbo is hoekom ek my openings-vraag antwoord op die manier wat ek doen. Wat wil God hê? Hy wil jou hê. Hy soek ‘n familie. Hy soek mede-werkers. Hy wil hê jy moet weet wie jy is en hoekom jou lewe waarde het vir Hom.

Ons begin nou met die verhaal. Daar is baie meer in die verhaal. Lewe in ons wêreld – en dalk selfs in ons eie huise – voldoen nie aan God se visie nie. Iets het gebeur om alles te ruïneer. Die hartseer sou so groot wees, dat God *amper* besluit het om op te gee op die mens.

## Hoofstuk Twee

## God Wou Nog Steeds ‘n Familie Hê

In die vorige hoofstuk het ek verwysing gemaak na God wat mense toerus het om ‘n beelddraer van Hom op aarde te wees. Hy het dit gedoen deur Sy eienskappe (Sy kwaliteite en vermoëns) met hulle te deel. So wonderlik as wat dit was (en is), is dit waar dinge interessant begin raak het – en skrikwekkend. Een van God se kwaliteite is vryheid, wat ons gereeld na verwys as vrye keuse. As jy ooit gewonder het hoekom daar boosheid in die wêreld is, hier is die Bybel se antwoord:

*Rebellie #1*

Nadat God die besluit gemaak het om sy eienskappe met Sy kinders te deel, het Hy geweet wat dit sou beteken. God weet alles, Hy het verstaan wat sou volg. God het dieselfde besluit vroeër gemaak, met Sy hemelse familie wat Hy geskep het. Hulle het ook eienskappe soos intelligensie en vryheid gekry, geskenke van hulle Skepper af.

God het geweet dat vroeër of later Sy geskenke misbruik of mishandel sou word. Hy het ten volle geweet dat, alhoewel sy kinders (in die geestelike wêreld en op aarde) soos Hy was, *hulle nie Hy was nie.* Hulle was *minder* as Hy. Hulle was onperfek, terwyl Hy perfek is. Op ‘n stadium sou een (of meer) van Sy kinders, ‘n aaklige fout begaan of gehandel het in selfsugtige eiebelang, gerebelleer het teen iets wat God wou doen (of nie doen nie).

Dit is presies wat gebeur het in die Tuin van Eden. Adam en Eva het gerebelleer. Hulle het God se gebod, om nie van een van die bome in die tuin te eet, oortree. Hulle het gesondig en die ewige lewe in God se teenwoordigheid verloor. Elke mens wat daarna gebore was, was buite Eden gebore, vervreemd van God. Die apostel Paulus het dit goed opgesom: “Die loon wat die sonde gee, is die dood” (Rom 6:23).

Daardie tragedie was die gevolg van ‘n rebellie wat vroeër plaasgevind het. Een van God se bonatuurlike kinders het besluit om God se keuse om ‘n menslike familie te hê, te onteer deur om Eva in die versoeking te bring, met die hoop dat God haar en Adam sou vernietig. Hy het na Eva gekom in die vorm van ‘n slang (Gen 3:1-7). Die Bybel verwys na die slang as Satan en die Duiwel (Open 12:9). Hy was suksesvol om Eva te laat sondig, maar het misluk om van die mens permanent ontslae te raak.

Daar is diepgaande waarhede hier, eerstens, die antwoord op die vraag wat almal vra een of ander tyd in hulle lewe: Hoekom is daar boosheid in die wêreld? Boosheid bestaan in die

wêreld omdat God besluit het Hy wou wesens skep soos Homself. My bedoeling is nie dat God ‘n bose kant het nie. Eerder, my bedoeling is dat God die idee verwerp het om die mens soos ‘n robot te skep of ‘n vooraf geprogrameerde rekenaar van vlees.

Die laaste punt is belangrik. Ons gelykenis met Hom moes geloofwaardig wees. Sonder opregte vryheid om ware besluite te neem, sou ons nie soos God gewees het nie. God is nie ‘n robot nie en ons is gemaak om soos Hy te wees. Sonder opregte vrye keuse, kon ons nie egte liefde aan God betoon of God gehoorsaam nie. As besluite vooraf geprogrameer was, was dit nie ware besluite nie. Vir besluite soos liefde en gehoorsaamheid om geloofwaardig te wees, moes die besluit gemaak word teen ‘n ware moontlike alternatief.

Die gevolg van dit is dat boosheid bestaan omdat die mens God se wonderlike gawe van vryheid misbruik en gebruik vir self-bevrediging, wraak en die illusie van outonomie. Die misbruik het begin in Eden.

God was nie onkant gevang nie. Hy het boosheid verwag. Hy het voorspel wat sou gebeur en het daarvolgens beplan. God het nie Sy aardse kinders vernietig vir hulle rebellie nie. In plaas daarvan, sou Hy hulle vergewe en verlos. Die Bybel maak dit duidelik dat God gesien het wat sou kom en het ‘n plan van vergifnis en verlossing in plek gehad voor die rebellie eers plaasgevind het – vanaf “die skepping van die wêreld” om presies te wees (Ef 1:4; Heb 9:26-10:7; 1 Pet 1:20).

Die verlossingsplan sou oplaas vereis dat God mens moes word. Ons sal binnekort by daardie deel van die verhaal kom. Lank voor daardie epiese gebeurtenis, was daar ‘n prys om te betaal vir dit wat gebeur het in Eden. God het Adam en Eva verban (en daardeur, hulle nageslag) vanuit Sy teenwoordigheid. Eden was nie meer toeganklik nie. In plaas van ewige lewe saam met God, hulle Vader, sou die mens nou moes uitsien na die dood (Rom 5:12). Dit is wat verwydering vanaf die bron van lewe – God – uiteindelik kos.

Effektiwelik, het God Sy kinders uit Sy huis geskop. Dit was ‘n beter uitkoms as wat die slang voor gehoop het – menslike vernietiging. God het nie opgegee op Sy plan om ‘n menslike familie te hê nie, maar rebellie het ‘n prys. God het ook Satan gestraf. Omdat hy die dood in God se wêreld ingebring het, het hy die heerser van die doderyk geword, wat later bekend sou word as die hel.

*Geen Terugval Plan Nie*

Jy mag dalk wonder hoekom God *nie* teen hierdie tyd net die hele plan om ‘n menslike familie te hê, van kant gemaak het nie. Natuurlik, God het vrye wil toegelaat, wetende dat dit sou lei na sonde en duisende jare van menslike ellende in die vorm van geweld, nalatigheid, selfsug en ‘n

hele spul aaklige dinge wat mense aan mekaar doen. Dalk jou eie lyding of die lyding wat jy rondom jou sien, sal jou dalk laat wens dat God net alles moes vernietig het.

Glo dit of nie, maar God verstaan daardie gevoel. Hy sien die boosheid wat jy sien en oneindig meer. Niks van dit is hoe Hy dit wou gehad het nie. Jy kan sê, *Hy is God*, kan Hy nie net alles nuut maak nie? Dit is nie so eenvoudig nie. Dink daaraan. God kan net boosheid elimineer in ons wêreld as Hy die wat boosheid doen elimineer. Met ander woorde, God kan slegs boosheid beëindig in ons wêreld as Hy ons almal uitwis. Almal sondig (Rom 3:10-12) en soos die Bybel sê, "en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom 3:23). Ja, God *kan* dit doen, maar Hy doen nie. Hy is te lief vir die mens vir dit om 'n opsie te wees.

Dit kom neer op 'n ongelooflike waarheid: Terwyl God geweet het waarheen dit sou lei om ons soos Homself te skep, *het God die resultaat gekies bo om glad nie 'n menslike familie te hê nie*. God sien die sonde en die ellende in ons wêreld en herken die oorsaak. Dit maak Hom seer. God is so oorweldig met liefde vir Sy menslike kinders dat Hy nie sal wegdraai van Sy oorspronklike doel nie. Daar is nie 'n plan B nie. Daar is slegs plan A. Ten spyte van om die rebellie te voorspel wat in Eden sou kom en al die foute en sondes wat sou volg – insluitende ons eie – wou God nog steeds 'n menslike familie hê.

Wat gebeur het in Eden was die begin van die verhaal. God het Adam en Eva uit Sy huis geskop (Gen 3:22-24). Hy het die slang vervloek (Gen 3:14-15) en hom uitgewerp uit Sy teenwoordigheid uit (Jes 14:12-15; Eseg 28:16). Dit was 'n kragtevolle en eenvoudige boodskap: rebellie sou bestraf word. Jy kan dink dat almal die boodskap sou gekry het. Glad nie. Dinge het vererger.

*Rebellie #2*

Iemand mag dalk vertel het dat daar so baie boosheid in die wêreld is, volgens die Bybel, as gevolg van die sondeval deur die mens in die Tuin van Eden. Dis gedeeltelik waar. Na die tragedie in Eden was daar nog twee gebeurtenisse wat die mens nog verder in onsedelikheid en chaos gedompel het.

Die eerste van dié is beskryf in Genesis 6:1-4, waarskynlik een van die vreemdste gevalle in die hele Bybel. (Vertrou my, ek het hele boeke geskryf oor dit). Die verhaal gaan oor hoe sekere van God se bonatuurlike kinders (die "seuns van God") God wou naboots deur hulle eie menslike kinders te maak om *hulself* na te beeld. Hulle het besluit om menslike vroue ( die "dogters van die mens") vir die doel te gebruik. Dit het hulle teenstanders van God gemaak, hulle eie hemelse Vader. Eerder as om verheug te wees met God se begeerte vir die mens deel te word van hulle familie, het hulle besluit om heersers oor hulle eie mense te wees. Dit is nie wat God in gedagte gehad het nie. God wou 'n familie hê, nie slawe nie.

Die “engele wat gesondig het” (2 Pet 2:4) het die grens tussen hemel en aarde oortree. Diegene wat “nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat” (Judas 6). God het hulle hel toe gestuur as gevolg daarvan (2 Pet 2:4-5; Judas 6), maar die daad was gedoen en dit het rampspoedige gevolge gehad. Kyk na die twee verse wat die rebellie volg in die Bybel:

> Toe die Here sien hoe groot die onsedelikheid van die mens op die aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. (Gen 6:5-6)

Dink oor dit. *Elke* voorneme in *elke mens* se hart was *slegs onophoudelike* boosheid. God was *bedroef* dat Hy die mens gemaak het; die gedagte het Hom *gegrief*.

Dit is die definisie van onsedelikheid en die smart wat dit bring. Die gevolg van die eerste bonatuurlike rebellie was dat die mens die ewige lewe verloor het saam met God (wat sleg genoeg was). Die gevolge van die tweede rebellie het sonde tot op ‘n ander vlak geneem, dit het die selfvernietiging van die mens versnel. God het diep berou gehad oor hoe dinge uitgedraai het. Die mens was permanent beskadig.

Die Bybel leer ons dat God geen ander oplossing kon sien as om die vloed te stuur om die mens uit te wis nie (Gen 6:17). Dit is belangrik om op te let dat die vloed verhaal nooit noem dat God kwaad was nie. Dit sê slegs dat Hy hartseer was oor wat aan die gang was. God het besluit om mense vryheid te gee. Hy kon dit nie wegneem aangesien dit sou beteken dat hulle nie meer soos Hy kon wees nie – hulle sou nie meer waarlik mens gewees het nie. Die enigste keuse was om oor te begin en die gevolge van die rebelse seuns van God te beëindig.

Daar was net een mens regverdig genoem in God se oë – Noag (Gen 6:9). Ten minste was daar een. God sou dit vat. Hy sou voortgaan met Sy plan om ‘n menslike familie te hê.

God het Noag beveel om ‘n ark (‘n groot skip) te bou sodat hy, sy familie en menigte diere kon oorleef. God het steeds gehoop dat, so diepgewortel as wat menslike onsedelikheid geword het, Sy menslike kinders saam met Hom kon wees. Genadiglik het God vir Noag 120 jaar gegee om voor te berei vir die vloed (Gen 6:3) en om die gebeurtenisse aan die mense te openbaar sodat hulle kon wegdraai van hulle onsedelikheid af en vergifnis bekom (2 Pet 2:5).

Op die ou einde wou die mense nie luister nie. Hulle het God se goedgunstige waarskuwing geweier. Weereens, soos hulle vry was om te doen, het God se kinders hulle rûe op Hom gedraai. Verstaan jy hoekom God se hart gebreek was? Ten minste was Noag en sy familie daar. Na die vloed het God die oorspronklike bevele wat Hy aan Adam en Eva gegee het, herhaal (“Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde”; Gen 9:1). God het oor begin met hulle. Hy het ‘n verbond gesluit met Noag, wat die hele mensdom ingesluit het (Gen 9:8-17). ‘n Verbond

is ‘n belofte of ooreenkoms. Die verbond was eensydig; dit was God se belofte om nooit die mens te vernietig nie (Gen 9:11). God wou, wonderbaarlik, nog steeds ‘n menslike familie hê.

Nie so wonderbaarlik – maar steeds ongelooflik – die misbruik van God se goedheid sou aanhou. ‘n Derde rebellie het die vloed gevolg. Die rebellie sou die res van die bybelse verhaal formuleer en betoon, weereens, God se onoorwinbare geduld en liefde.

*Rebellie #3*

As jy van die verhale van Adam en Eva en Noag se vloed gehoor het, kon jy dalk van die Toring van Babel gehoor het. As jy nie het nie, is dit oukei, want meeste kerkgangers besef nie wat *werklik* daar gebeur het nie.

Die verhaal van die Toring van Babel is gevind in Gen 11:1-9. Na die vloed wou God gehad het dat Noag se nageslag moes voortplant en versprei oor die aarde. Soos Adam en Eva, was hulle veronderstel om God se mede-werkers te wees om saam die skepping te onderhou. In plaas van om dit te doen, het hulle op een plek byeengekom, wat Babel genoem is en ‘n toring gebou na hulle eie glorie (Gen 11:1-4).

Dit is die bekende weergawe van die verhaal, maar die werklike betekenis is gevind in twee onbekende verse in ‘n ander bybelse boek. Hier is die verse:

> Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense in volke opgedeel het, het Hy vir hulle hulle grense bepaal, soveel as wat daar Israeliete is. Hulle is die Here se volk, sy deel, Jakob is die Here se vaste eiendom. (Deut 32:8-9)
>
> When the Most High gave to the nations their inheritance, when he divided mankind, he fixed the borders of the peoples according to the number of the **sons of God**. But the LORD’s portion is his people, Jacob his allotted heritage. (ESV Deut 32:8-9, klem deur die vertaler)

Hierdie twee verse vertel ons dat een van die oordele by die Toring van Babel was die verdeling van die mens. Tot op die tydstip in die verhaal, het God met die mens gesamentlik gehandel. Dit het verander by Babel. Mense sou afgesonder word van mekaar deur taal en geografie.

Wat nog erger is, God het Homself van die mensdom geskei. Moeg vir die mens se minagting teenoor Sy wil, het God die nasies van die aarde toebedeel aan ander lede van sy bonatuurlike familie – die seuns van God. Die was ‘n ander groep, nie die groep wat oortree het voor die vloed nie. God kon nie die mens uit Sy huis skop nie. Hy het dit reeds gedoen in Eden. Hy het belowe om nie die mens te vernietig na die vloed nie (Gen 9:11), so daar sou nie ‘n herhaling

van daardie ramp wees nie. So wat anders kon Hy doen? Hy het hoofsaaklik gesê, “Genoeg! As julle My nie as julle God wil hê nie, sal ek julle onder my hemelse assistente aanstel.”

Die nagevolge van die oordeel het baie vorme aangeneem. Ons is nie gesê hoe lank dit geneem het nie, maar die Bybel vertel ons dat die bonatuurlike seuns van God wat aangestel was oor die nasies, ‘n slegte werk gedoen het. Hulle het so korrup geword (Ps 82:1-5) dat God hulle ook moes oordeel. Hy sou eendag hulle onsterflikheid wegneem en die nasies terugneem (Ps 82:6-8). Vir ons doelwit, God se frustrasie het Hom kinderloos gelos in terme van ‘n menslike familie. Hy het genoeg gehad. Hy het opgegee. Wel . . . nie heeltemal nie.

*God se Volhardende Liefde*

Raai wat het gebeur direk na die Toring van Babel ramp? God het aan Abraham (oorspronklik genoem Abram) verskyn, ‘n ou man getroud aan ‘n vrou (Sara) wie te oud was om kinders te kon kry. God het ‘n verbond met Abraham gemaak. Hy het die ou man en sy vrou belowe dat sy ‘n seun sou hê. God sou ‘n wonderwerk doen. Hulle seun sou die begin van ‘n nuwe familie vir God wees op die aarde (Gen 12:1-9; 15:1-6; 18:1-15).

Omdat die mens onder die toesig was van die lede van Sy hemelskare, wou God van voor af begin met ‘n familie van Sy Eie met Abraham. Abraham het God se belofte geglo (Gen 15:6). Hy het nie nodig gehad om God se belangstelling of guns te verdien nie. Dit was *God* Wie Abraham gekies het om oor te begin. Die verhouding tussen God en Abraham het begin met God. Abraham het geglo.

Die verbondsverhouding wat begin het met God se roeping en Abraham se geloof was daarna herdenk met die fisiese teken van die besnydenis (Gen 17:1-14; Rom 4:1-12). Abraham se hele familie het sy voorbeeld gevolg (Gen 17:23). Om die teken te dra het die nageslag van Abraham gemerk wie God as Sy familie wou hê. Besnyding sou ook die teken wees vir die vroue in Abraham se lyn. Aangesien hulle slegs binne die uitgebreide stam moes trou, sou hulle herinner word hoe hulle as mense bonatuurlik geskep was vanaf Abraham en Sara wanneer hulle besluit het om kinders van hulle eie te kry.

Dit is belangrik om te besef dat God se verbond met Abraham gebasseer was op geloof in God se beloftes – geloof. God het nie Abraham genader omdat Hy ‘n man gevind het wie goed sou wees om reëls te onderhou nie. Ons kan nie ons verlossing verdien nie. As dit die saak was, dan sou God *ons* geskuld het gebasseer op ons optrede. Hy sou ons iets *geskuld* het in reaksie op ons prestasie. Dink net hoe waansinnig dit klink. Eerder, Abraham en sy nageslag het hulle geloof gewys in God se beloftes deur om die teken van die verbond te onderhou. Dit was ‘n uitgebeelde manier om hulle getrouheid te wys.

Die apostel Paulus het Abraham as voorbeeld gebruik vir sy getroue geloof (Rom 4:1-12). Abraham het geglo en was aanvaar deur God *voordat* hy enige reëls onderhou het. Die reëls was daar om te wys hy glo. Die reëls het nie geloof vervang nie. Geloof was die een noodsaaklike ding. Getrouheid tot daardie geloof – tot daardie God – is iets waaroor ons later sal gesels. Vandag noem ons dit dissipelskap. Geloof en getrouheid is twee duidelike dinge. Hulle is verwant maar nie uitruilbaar nie. Dieselfde is waar van verlossing en dissipelskap.

Die belofte van ‘n seun aan Abraham (en deur hom, die begin van ‘n nuwe familie wat in ‘n groot nasie in sou groei) was God se tweede verbond na die ramp van Eden. Die eerste was gewees met Noag. Beide was ontwerp om Sy droom te bewaar om ‘n menslike familie te hê. Hierdie verbonde was nie slegs oor God wat nie opgee nie. Die verbonde was ook daar om ‘n aanbod van ewigdurende lewe te wees vir die mens. God het nie opgegee op die mens nie. Hy kon nie ophou om die mens lief te hê nie. God wou nog steeds ‘n menslike familie hê.

God het Sy belofte aan Abraham gehou. Abraham en Sara het inderdaad ‘n seun gehad, Isak (Gen 17:19-21; 21:1-7). Abraham se uitgebreide familie sou bekend word as “Israel”, die mees gebruikte naam in die Ou Testament vir God se menslike familie (Gen 32:28; Deut 32:9; Jes 44:1). Wat van die mense in die ander nasies, die nasies wat God toebedeel het onder die seuns van God, na die Toring van Babel se rebellie? Hulle is “Heidene” genoem in die Bybel, ‘n kort uitdrukking wat beteken “nie van Israel.” En ten spyte van wat gebeur het by Babel, het God nie vergeet van daardie mense nie.

Nie net sou God weer oor begin het met nuwe mense (Israel), maar Hy het ook aan Abraham gesê dat sy nageslag sou eendag ‘n seëning wees vir die ander nasies wat God verlaat het (Gen 12:3)! Baie jare later sou Jesus, Wie vanuit die familie van Abraham was, die uitbeskore nageslag wees Wie alle nasies van die wêreld terug sou bring na God toe (Gal 3:16-18, 26-29). Voordat Jesus op die toneel verskyn het, kon Heidene by God se familie aansluit deur te kies om alle ander gode te verwerp, in Hom glo en die teken van God se verbond aan te neem.

Baie tyd het verloop tussen Abraham en Jesus. Israel se eie geskiedenis as “die Here se porsie” (Deut 32:9) was nie ‘n mooi een gewees nie. Hulle was God se mense, maar ongelukkig, dalk voorspelbaar, het hulle getrouheid misluk. Die donkerste uur sou nog kom.

# Hoofstuk 3

## God Was Deur Sy Familie Verraai

Die geskiedenis van die bybelse Israel was ‘n lang, kronkelende affêre gevul met beide triomf en tragedie. God was nie verbaas nie. Hy het geweet wat om van mense te verwag. Hy het altyd geweet met wie en wat Hy te doen kry.

*‘n Oorlas Maak Van Jouself*

God het Abraham laat weet dat die toekoms van sy nageslag moeilik gaan wees. Hy was eerlik. Hy het Abraham vertel, “Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ‘n land wat nie aan hulle behoort nie. Daar sal hulle slawe wees en onderdruk word, vier honderd jaar lank” (Gen 15:13). Dit was die slegte nuus. God het ook hoop gegee: “Maar ek sal die nasie straf wat van jou nageslag slawe maak, en dan sal hulle met baie besittings wegtrek” (Gen 15:14).

Die nageslag van Abraham, nou gelei deur sy kleinseun, Jakob, wie se naam deur God verander was na “Israel”, het uiteindelik opgeeïndig in Egipte, onder die duim van Farao (Eksodus 1). Hulle het soontoe gegaan met God se toestemming om hongersnood te vermy (Gen 45:5-11). Waar hulle verkeerd gegaan het was dat hulle nie teruggegaan het na die land wat God hulle gegee het na die hondersnood verby was nie. Hulle het hopeloos te lank in Egipte gebly.

Terwyl hulle in Egipte was het die Israeliete in getalle vermeerder, so veel so dat Farao paranoïes geraak het oor sy vermoë om in beheer te bly van sy land (Eks 1:8-10). Hy het hulle onder dwang arbeid geplaas en nuwe babas uitgewis as hulle seuntjies was (Eks 1:14-16). God het ingegryp en hulle nog sterker gemaak (Eks 1:8-21).

Israel het altesaam vier eeue in Egipte spandeer onder harde omstandighede. God het uiteindelik ingegryp en het die lewe van ‘n baba seun, Moses, bewaar. God het omstandighede so bewerkstellig dat die baba in Farao se eie huis grootgemaak was, reg onder sy neus (Eks 2:1-10). Moses het ‘n bevoorregte lewe gelei maar het op ‘n dag ‘n oortreding begaan, die moord van ‘n man in ‘n geveg wat begin het as die verdediging van ‘n hulpelose Israeliet. Hy het uit Egipte gevlug om die gereg te ontwyk.

Moses het ‘n nuwe lewe in ‘n woestynplek, Midian, gevind. God het hom ontmoet by Berg Sinai in ‘n brandende bos, ‘n ontmoeting wat die geskiedenis sou verander van sy volk en die wêreld (Eks 3:1-15). God het Moses teruggestuur na Egipte om Farao te konfronteer. Hy moes die verlossing van God se volk eis. God het belowe om Moses te bewaar en hom te bemagtig (Eks 3:15-22).

Die res van die verhaal is een van die bekendstes in die wêreld. Selfs as jy nog nooit die Bybel gelees het nie, moes jy van dit gehoor het of een van die rolprente gesien het. God het plae teen Egipte en sy gode gestuur toe Farao geweier het om die Israeliete te laat gaan (Eksodus 7-12). God het Moses gebruik om die menigte Israeliete se vrylating te forseer vanuit Egiptiese slawerny. Hy het die Rooi See verdeel om hulle te red uit die Egiptenare se kloue nadat hulle besluit het om die Israeliete agterna te sit in die woestyn in om hulle te vermoor (Eksodus 13:17 tot Eksodus 14). Die kruising van die Rooi See is by verre die mees skouspelagtige wonderwerk van die Bybel. Dit was nie vertoonkuns nie. Dit was oor die bewaring van 'n volk. God wou Sy familie hê.

*Wet en Lojaliteit*

God het uiteindelik Sy volk teruggebring na die plek waar Hy oorspronklik met Moses gepraat het. Hy het daar die Israeliete Sy wette gegee – die Tien Gebooie. Hy het 'n verbond gesluit met hulle. Dit is belangrik om te besef dat Israel reeds God se volk was voor die Tien Gebooie gegee is. God het verwys na die volk as Sy familie terwyl Moses vir Farao gekonfronteer het (Eks 3:7, 10; 4:23; 5:1; 6:7; 7:4). Die wette was nie om 'n plek in God se familie te *verdien* nie. Die Israeliete was *reeds* God se familie.

Ons moet dié onderskeid van nader te bestudeer. Dit is redelik belangrik. Veel eerder as om 'n plek te verdien in God se familie, het God wette gegee aan Sy volk sodat hulle kan wys dat hulle *in die familie wou wees*. Die onderdanigheid aan God se wette was om aan Hom te wys dat hulle nie ontrou sou wees en hulleself sou onderwerp aan 'n ander god nie. Om getroue gelowiges te wees, sou God toelaat om die Israeliete te gebruik om al die ander nasies te bedien as "'n koninkryk van priesters" (Eks 19:5-6). God wou die mens in Sy familie hê. Hy het begin met een groep – Israel. As hulle getroue gelowiges was, sou hulle 'n seëning wees vir al die ander nasies (Gen 12:3).

Daar is een meer standpunt van dié verbond om dit te verstaan. Die inhoud van God se wette was nie om goed genoeg te wees sodat God hulle lief kan hê nie. God het reeds Israel liefgehad (Deut 7:7-8). Hy het die bejaarde Abraham en Sara bonatuurlik in staat gestel om 'n kind te hê vanuit wie Israel, in tyd, sou kom. Om 'n familie te hê was die hele punt. God het nie 'n lys van reëls geskep sodat hulle kon kwalifiseer as familie nie. Hulle *was* Sy familie. God se wette was ontwerp om Sy kinders te help om ander gode te vermy en in geluk te lewe, vredevolle lewens saam met ander te hê, maar nie om God se ingesteldheid teenoor hulle te verbeter nie.

God het, getrou tot Sy gestalte, nie hulle vrye wil verwyder nie. Hy het net gevra dat hulle in Hom glo – wie Hy was en dat Hy hulle uit liefde geskep het – en om alle ander gode te verlaat. Enige lid van Israel kon God se liefde opgee as hulle wou. Hulle kon kies om nie te glo nie. Hulle kon kies om 'n ander god te aanbid. Soos ons sal sien, het baie juis dit gedoen.

Nadat die Israeliete Berg Sinai verlaat het (waar God hulle Sy wet gegee het), het God hulle gelei in die gestalte van 'n man ('n engel) na die Beloofde Land (Eks 23:20-23; Rig 2:1). Langs die pad het die volk konstant gekla oor te min kos en water. God het voorsien (Eks 15:22-27; 16:1-30). Hulle moes vir hulle lewens veg teen dodelike vyande in die land. God het hulle van vernietiging af gered (Deut 2-3; Jos 11-12; Ps 136:10-24; Hand 13:19).

*Die Afwaartse Spiraal*

Nadat God Israel in die land ingebring het, sou jy dink die Israeliete 'n oorweldigende liefde vir God sou voel – dat hulle getroue geloof by 'n hoogtepunt sou wees. Nie rerig nie. Hulle het besluit dat 'n bestaan saam met boosheid veel eerder kon werk. Hulle het geweier om afgodsdienaars (mense wie ander gode gedien het met afbeelde) uit die land te dryf. Dit is asof die Israeliete die verlede vergeet het, hoe rebellie rampspoed bring. Hulle ontrouheid en liefdeloosheid vir God het hulle gelei na die demoraliserende toneel:

> Die Engel van die Here het van Gilgal af na Bokim toe gegaan. Hy het gesê: "Ek het julle uit Egipte laat trek en julle gebring in die land wat Ek met 'n eed aan julle voorvaders beloof het. Ek het vir hulle gesê: 'Ek sal my verbond met julle nooit verbreek nie, maar julle mag nie 'n verdrag sluit met die inwoners van hierdie land nie. Julle moet hulle altare afbreek.' Maar julle het My nie gehoorsaam nie. Waarom het julle dit gedoen? Daarom sê Ek vir julle: Ek sal nie hierdie nasies van julle af wegdryf nie. Hulle sal vir julle 'n strik word, en hulle gode sal vir julle 'n valstrik word." (Rig 2:1-3)

God het Sy volk veroordeel . . . alweer. Hy het basies gesê: "Ek is uit. Kom ons kyk hoe julle vaar op julle eie aangesien julle My nie wil hê nie." Ons het dit voorheen gesien. En, soos ons voorheen gesien het, God se volk het baie swak gedoen sonder God se teenwordigheid. Aangesien ons geskiedenis herhaal, lyk God se reaksie bekend – Hy het herhaaldelik teruggekom om Israel uit die moeilikheid te bring. Ons almal ken mense soos dit. Dalk is jy een van hulle. Jy hou aan om iemand uit liefde te help, selfs tot die punt dat dit irrasioneel voorkom. As jy dink aan wat God besig was om te doen, kom dit waansinnig voor. God wil 'n menslike familie hê, selfs as Hy ongevraagd is. Sy liefde is verhewe bo logika.

Die hele boek Rigters, van waar die toneel bo aangehaal was, is oor 'n skynbare onophoudelike siklus van geestelike rebellie, die lyding wat dit bring, uitroep na God vir hulp en God wat terugkeer in liefde. Daardie siklus is vir 'n paar eeue volgehou. Dit het 'n soort klimaks bereik nadat die mense in Israel van Samuel, 'n priester en profeet, geëis het om 'n koning te salf, om hulle te regeer.

Nie verbasend, die volk se keuse om 'n koning (Saul) te hê, was 'n ondeurdagte ramp. Jy weet dinge gaan nie te goed gaan (of veronderstel om te weet) wanneer jou keuse vir 'n koning, uit 'n skuiling gesleep moet word om die werk te aanvaar (1 Sam 10:22). God het uiteindelik Dawid

gekies om Saul te vervang. Dawid was ‘n morele gemors, maar hy was beter as Saul. Hy het nooit ontrou gewys of ‘n tekort aan liefde vir God nie. Hy het van God se morele wette gebreek, maar hy het berou gehad en nooit ‘n ander god aanbid nie. Vir daardie rede het God ‘n verbondsbelofte met Dawid gesluit dat slegs sy seuns wettige regeerders kon word van Israel.

Die verbond was om ‘n regerende stamhuis vir Dawid te skep. God sou slegs een van sy afstammelinge as die regmatige koning oorweeg. Ongelukkig het die res van Israel se geskiedenis in die Bybel verhaal baie mans ingesluit, wie die regte afkoms gehad het, maar andersins ongeskik was om koning te wees. God moes baie van Dawid se afstammelinge verwyder omdat hulle ontrou was aan Hom, wie gekies het om ander gode te aanbid. ‘n Afstammeling van Dawid wat die troon erf, was veronderstel om God lief te hê asook die regte familie geskiedenis. Dit is hoekom elke koning veronderstel was om ‘n afskrif van God se wette byderhand te hê (Deut 17:18; 2 Kon 11:12). Hy was veronderstel om die mees uitstaande voorbeeld van ‘n getroue gelowige te wees.

Dawid se seun, Salomo, was die grootste koning in Israel se geskiedenis (as grondeienaarskap en rykdom die lakmoestoets is). Ongelukkig het sy getroue geloof in die ware God gewankel. Hy het aan ander gode ge-offer en het ‘n reeks politiese huwelike gehad wat die aanbidding van ander gode in Israel ingebring het (1 Kon 11:1-8). Met ander woorde, Salomo het die siklus begin om geestelik toe te gee en rebelleering wat gelei het tot nasionale ineenstorting.

*Die Laaste Verraaïng*

Na Salomo se dood het tien van die twaalf stamme in opstand gekom teen sy opvolger (1 Kon 11:41-12:24). Die koninkryk van Israel was stamgewys en geografies verdeel in twee dele. Met ander woorde, God se familie was nou ‘n gebroke huishouding. Dit is nogal hartseer dat baie konings gedurende die periode wat volg, nooit ‘n afskrif van God se wette gesien het nie (2 Kon 22:8-13).

Die noordelike deel van die verdeelde nasie (die tien stamme wat polities gerebelleer het) het hulself onmiddelik in geestelike rebellie gedompel (1 Kon 12:25-33). In plaas van om aan God, Wie hulle die land gegee het en hulle bonatuurlik in die lewe gebring het, getroue geloof te bewys, het meeste van Israel God verraai. Dit is hoekom die profete wie in die platteland rondgeswerf het, se preke gedurende die tyd, die geestelike rebellie vergelyk het met “hoerery” en geestelike egbreuk. Dit was ‘n duidelike ooreenkoms. Die suidelike deel van die land (die twee stamme) het stadiger geestelik gerebelleer. Geleidelike sonde is nogsteeds sonde.

Om God te verlaat is nooit goed nie. Soos die Bybel in een plek sê, “weet dan dat julle sonde julle sal uitvind” (AFR53 Num 32:23). Soos God telkemale gedoen het, het Hy Sy volk hulle vryheid laat beoefen en hulle die nagevolge laat betaal. In 722 vC. was die noordelike deel van die nasie uiteindelik oorrompel deur ‘n volk waarna ek verwys as die ‘Klingons’ van die Ou

Testament – die Assiriërs. As 'Lord of the Rings' meer bekend is aan jou as 'Star Trek', dink aan die Assiriërs as die massas van 'Mordor'.

Ek hou van die vergelyking want die Assiriërs het 'n welverdiende reputasie vir wreedheid gehad. Hulle het die tien stamme oor die antieke wêreld gestrooi, families opgebreek en hulle beroof van alles wat hulle besit het. Die twee oorblywende stamme in die suide was verower deur die Babiloniërs 'n bietjie meer as 'n honderd jaar later (586 vC). Duisende Israeliete was geweldadig in ballingskap weggevoer na Babilon.

Kom ons wees eerlik. As God teen die tyd Sy volk afgeskryf het, sou ons verstaan het. Hulle het keer op keer gerebelleer vir meer as 'n duisend jaar sedert Abraham se tyd. Dit is moeilik om nie die gevolgtrekking te maak, dat hulle gekry het wat hulle verdien het. Dit is nie hoe God werk nie.

Eerder as om op te gee, het God besluit dat Hy *steeds* 'n menslike familie wil hê. Om Sy volk – en die res van die mensdom – terug te kry in Sy familie, was 'n verandering in taktiek nodig. God het 'n reeks verbonde gesluit met Sy volk, maar mense was, natuurlik, net mense. Hulle misluk . . . *baie* en met voorspelbare reëlmaat. Die res van die mensdom was toegewys aan bonatuurlike wesens ( die "seuns van God"; Deut 32:8) wat teen dié tyd vyande geword het met hulle Skepper, die God van Israel. Omstandighede was ingewikkeld.

God het 'n tweedelige oplossing gehad. Met die laaste kinders in God se familie op die drumpel van ballingskap, het God twee profete (Jeremia en Esegiël) aangespoor om die volk te vertel dat hulle nie heeltemal vergete was nie. God sou 'n "nuwe verbond" sluit met Sy kinders, een wat gemerk is deur die koms van Sy Gees (Jer 31:31-34; Eseg 36:22-28). Daar was 'n nuwe dag wat sou kom.

Die "nuwe dag wat sou kom" het nie die vraag aangespreek van hoe God die ouer verbonde sou eer sonder om hulle te skrap of te verander nie. Baie Israeliete het God verwerp en het ander gode aanbid. Hulle het hulle minagting vir Hom gewys deur Sy wette te verbreek. Dit het God gegrief. God wou Sy beloftes eer maar baie van Sy kinders was verlei tot aanbidding van die gode van die nasies.

Dit was die pad van die dood. Onthou, as gevolg van wat gebeur het in Eden, was elke mens bestem om dood te gaan en nie die ewige lewe te hê behalwe as hulle na die ware God gedraai het en geglo het in Sy liefde en beloftes. Hopeloos te veel Israeliete het dit vergeet. Hulle kon nie net gode kies en keur vanaf 'n geestelike buffettafel wanneer hulle so voel nie. Hulle moes glo in die ware God en aanhou glo.

Die situasie was veral problematies met die konings van Israel. God het Dawid belowe dat sy erfgename die troon sou erf, maar baie het weggedraai van Hom af. God kon nie die tekort aan

getroue geloof ignoreer nie. Hy kon ook nie Sy belofte skrap nie. Dit sou wees as om te erken dat die hele ding ‘n slegte idee was – en ‘n God wat alles weet kan nie ‘n slegte idee hê nie.

Hoe kan God Sy beloftes eer aan ‘n volk wie Hom verwerp het en wie vervreemd was van Hom af? Hulle het nuwe harte nodig gehad. Hulle het Sy teenwoordigheid nodig gehad om hulle te lei. Wat nodig was, was ‘n afstammeling van Abraham en Dawid, wie die finale koning en perfekte beelddraer van God kon wees. Daardie afstammeling moes ook die vloek van die dood oor die mensdom ongedaan maak. Hoe kan ‘n blote mens die dood oorwin? Hy moes ook God gewees het. Hoe was dit veronderstel om te werk?

Geen probleem. . . .

# Hoofstuk Vier

## God Het By Sy Menslike Familie Aangesluit

Christene weet van Jesus wat gekom het. Hulle weet dat Hy wonderbaarlik gebore is uit Maria, ‘n jong meisie wie ‘n maagd was (Matt 1:18-25). Die wyer kultuur is bekend met die beeld van baba Jesus in die krip, veral in Kersfees versierings. Vele ou, maar steeds gewilde, Kersfees liedjies herdenk hoe Jesus die Ou Testament se profesieë vervul het oor ‘n Messias.

*Daar's Meer Aan Jesus As Die Kruis*

Kenmerkend is die hele fokus op Jesus wat in die wêreld gebore was om uiteindelik aan die kruis te sterf. Hy sou die middel van vergifnis word vir ons sondes en dus, ons toegang terug in God se familie in (Joh 3:16). Met ander woorde, wanneer meeste Christene aan Jesus dink, het hulle die kruis in gedagte. Dit mis iets.

Die feit dat God mens geword het in Jesus raak ‘n bietjie verlore in die fokus op die kruis. Meeste Christene besef nie dat, vir baie redes, dit *noodsaaklik* was vir God om ‘n mens te word: om al die Ou Testamentiese verbonde te vervul en om die resultate van die bonatuurlike rebellies wat ek vroeër genoem het, ongedaan te maak.

Die hoop dat mense nog steeds eendag by God verewig kon wees, was lewendig gehou deur God wat geweier het om die mens te elimineer of om die plan te skrap. Hy het aanhoudend teruggekeer na die mensdom toe deur hulle vergifnis en ‘n verhouding met Hom aan te bied. God wou gehad het hulle moes glo en wys dat hulle glo deur in harmonie met Hom en mekaar te leef. God se kinders het Hom verwerp om elke hoek en draai. Elke keer wat God gesê het “Julle kan nog steeds saam met My wees – glo dit en wys My dan waar jou hart is”, het die probleem vererger. Die Bybel gebruik die vergelyking van dwalende skape met geen herder om die geneigdheid te verduidelik (Jes 53:6; Matt 9:36). Dis ‘n baie akkurate beskrywing.

Soos ek genoem het aan die einde van die vorige hoofstuk, God se kinders het nuwe harte nodig gehad en God se teenwoordigheid om hulle te help glo. Hulle het ‘n middeweg nodig gehad om van hulleself gered te word en vanaf ‘n lotsbestemming wat nie ‘n ewige lewe saam met ‘n liefdevolle God ingesluit het nie. Daar moes ‘n manier wees vir God om Sy verbondsbeloftes te eer, om die vloek van die dood onklaar te maak en om Sy volk te help om in hulle geloof te volhard.

God se oplossing vir hierdie probleme was radikaal. Hy moes *mens word*. Hy moes by die mensdom aansluit. *Dit is waar Jesus die verhaal betree*. Jesus was God wat mens geword het (Joh 1:1, 14-15; Kol 1:15-20; 2:6-9). Hy was die oplossing vir elkeen van hierdie struikelblokke.

Slegs deur dood te gaan in die plek van die mens kon die vloek van die dood op die mens onklaar gemaak word. Dit het beteken dat so 'n dood gevolg moes word deur 'n opstanding, iets wat slegs God kon bewerkstellig. *Jesus was die oplossing van wat gebeur het in Eden.*

Onthou God se verbond met Abraham? God het bonatuurlik ingegryp om Abraham en Sara in staat te stel om 'n seun te hê. Dit was die begin van die nasie van Israel. God het Abraham vertel dat een van sy afstammelinge die nasies sou seën wat God by Babel verlaat het. Hoe kan 'n blote mens dit doen? Slegs God Self kon die getroue afstammeling van Abraham wees Wie die belofte van die verbond, om die nasies buite Israel te seën, vervul. *Jesus was daardie afstammeling van Abraham* (Matt 1:1; Luk 3:34). Hy was die beloofde nageslag Wie die geskeide nasies ("Heidene") sou verlos van die ander gode sodat hulle weer by God se familie kon aansluit (Gal 3:16-18, 26-29). *Jesus was die oplossing om die verbond met Abraham te vervul.*

Jesus was ook 'n afstammeling van Dawid, dus was Hy die regmatige koning (Matt 1:1; Luk 1:32; Rom 1:3). *Jesus was die oplossing om die verbond met Dawid te vervul.* Hy het die regte afkoms gehad *en* was perfek getrou aan God. Hy was nooit ongehoorsaam aan God nie. Hy het nooit gesondig nie (2 Kor 5:21; Heb 4:15; 1 Pet 2:22). Die feit dat Hy nooit gesondig het nie beteken dat Hy die perfekte voorbeeld was om die doel van God se wette en die verbond wat by Sinai gemaak was, uit te beeld. Jesus was die perfekte beeld van God (2 Kor 4:4; Kol 1:15). Hy is die voorbeeld van hoe om 'n beelddraer van God te wees; God wil hê ons moet aan Jesus se voorbeeld gelykvorming word (2 Kor 3:18; Kol 3:10). Ons sal later sien dat dit is wat dit beteken om 'n dissipel te wees (1 Pet 2:21).

God wat mens word is 'n moeilike idee om te verstaan. God kon 'n mens word omdat Hy meer as een persoon is. God is drie persone wat identies is in Hulle natuur. Die Bybel gebruik terme soos "Vader", "Seun" en "Heilige Gees" om die drie persone te onderskei. Christene noem die gevolg van daardie etikettering die Drie-Eenheid. "God die Seun" het 'n mens geword as Jesus (Joh 1:1, 14-15). Teoloë noem dit die *inkarnasie*, 'n term wat beteken God het "vlees" geword. Jesus sou die enigste mens wees waarop God die Vader kon staatmaak om die verbonde te vervul.

Jy mag dalk onthou dat ek genoem het dat God geweet het "van voor die fondasie van die wêreld" dat Hy die Seun, Jesus, sou stuur om mense terug te bring in Sy familie in (Ef 1:1-14; 1 Pet 1:20). Die ongelooflike ding is dat die Seun gewillig was om 'n mens te word, gemartel te

word en dood te gaan sodat God ‘n menslike familie kon hê. Hier is hoe een gedeelte van die Nuwe Testament die gesprek beskryf:

> Daarom sê Christus [aan God die Vader] met sy koms in die wêreld: "Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het. . . . Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe" (Heb 10:5, 7).

Dit is ‘n goeie ding dat God die Seun gewillig was om gebore te word as Jesus. Dit was nie net die verbonde wat in gevaar was nie, maar ook die ellende, veroorsaak deur die bonatuurlike rebellies, wat oorkom moes word, wat op die spel was. Ons moet verstaan dat daardie rebellies vereis het dat God ‘n mens moes word – want God wat by Sy menslike familie aansluit, het die uitstorting van die Gees voorberei.

*Om Meer As die Sondeval Reg te Maak*

Omdat God ‘n mens geword het in Jesus, kon Hy doodgaan. Dit was belangrik omdat die dood slegs oorwin kom word deur ‘n opstanding. Jy kan nie ‘n opstanding hê sonder ‘n voorafgaande dood nie. Omdat Jesus ook God was, het Hy die krag gehad om Homself weer lewend te maak (Joh 10:17-18). Omdat die dood van Jesus deel van God se plan was, het God geweet van voor die fondasie van die wêreld dat Hy Jesus sou opwek uit die dood (Hand 2:23-24, 32; 3:15; 10:40; Gal 1:1).

As gevolg van die opstanding, was ons afstand van God af, oorbrug. Die dood was oorkom. Dit was die gevolg van die rebellie in Eden. Die Adam en Eva probleme, as gevolg van die versoeking van die slang (Satan), was opgelos. Elkeen wat glo dat Jesus se dood en opstanding, vergifnis van sonde en die ewige lewe voorsien, sal in God se familie veraltyd wees (Rom 4:16-25; 8:10-11; 10:9-10; 1 Kor 6:14).

Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, moes Hy teruggaan ("opvaar") hemel toe. Jesus het opgevaar na die hemel en het Sy troon ingeneem langs God die Vader (Mar 16:19; Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 12:2). Dit was ‘n voorloper vir die Heilige Gees om gestuur te word, Wie in gelowiges sou woon (Hand 2:33; Rom 8:9-11). Jesus moes ons verlaat sodat die Gees kon kom (Joh 14:25-26; 15:26; 16:7; Luk 24:49).

Die uitstorting van die Gees was die vervulling van die nuwe verbond beskryf deur Jeremia en Esegiël (Jer 31:31-34; Eseg 36:22-28). Dit sou die Gees wees wat die oorwinning voorsien het oor onsedelikheid (Gal 5:16-17) en Wie se werke "groter" sou wees as Jesus sin (Joh 14:12). Jesus het geweet Sy dood en opstanding was die sleutel vir die nuwe verbond om te slaag. Dit is hoekom Jesus by die Laaste Maaltyd vir Sy dissipels vertel het dat Sy bloed, "die bloed van die verbond", vergiet was vir hulle (Matt 26:28; Mar 14:24; Luk 22:20). Nadat Jesus opgevaar het

na die hemel en die Gees uitgestort was op die aarde, was die mensdom nie meer hulpeloos teen onsedelikheid nie.

Dit kom daarop neer dat vir God om die probleme reg te maak sodat Hy 'n menslike familie te kan hê – die onophoudende mislukkings en rebellies – moes Hy 'n mens geword het en al die terme van die verbonde Self vervul.

Dink aan my oorspronklike vraag in die boek: Wat wil God hê? Hy wil *jou* hê. Hy het Sy unieke Seun gestuur aarde toe as Jesus om die probleem van dood en sonde reg te maak, om die verbonde met die mens te vervul sodat Hy *jou* huistoe kan bring, verewig. God het by die menslike famile aangesluit. Daar was geen ander manier gewees nie. Daar is baie redes hoekom die evangelie niks te doen het met ons gedrag – om God se liefde en verlossing te verdien – nie. Die is die grootste rede van almal. Dit is waansinnig om te dink ons onvolmaakte gedrag kon ooit voldoende wees. Die koms, dood en opstanding van Christus sou nooit nodig gewees het as ons verlossing kon verdien nie.

*Satan en Sy Volgelinge: 'Dumb and Dumber'?*

Daar is nog 'n kinkel in die verhaal wat ek nie wil hê jy moet mis nie. Jy mag dit dalk al gewonder het. Ek weet ek het (meer as een keer). As die dood en opstanding van Jesus, die effekte van wat die slang (Satan) gedoen het, omgekeer het en die boosheid wat die wêreld deurdring het, belemmer het, met die gevolg dat die outoriteit van die opstandige gode van die nasies weggeneem was, *hoekom in die lewe sou Satan en die ander bose geeste Jesus doodmaak*? Dit lyk ooglopend dom.

Dink daaroor. Die sleutel tot alles in God se plan was Jesus se dood. Jy kan nie 'n opstanding hê wat die dood oorwin sonder om eerste 'n dood te hê nie. Jesus sou nie kon teruggaan na God die Vader as Sy missie nie voltooi was nie – wat beteken dat die Gees nie sou kon kom om verdorwendheid teen te staan nie. As Satan en al die ander kragte van die donker net Jesus gelos het, *sou God se plan misluk het.* Is hulle bonatuurlike idiote?

Ek het al baie oor die onderwerp geskryf. Dit is fassineerend. Die Nuwe Testament beantwoord die vraag. Terwyl hy oor die goeie nuus ("evangelie") wat gepreek was deur Jesus praat, noem die apostel Paulus die volgende:

> Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid. Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie. (1 Kor 2:7-8)

“Heersers” is ‘n woord wat Paulus op ‘n ander plek gebruik het vir bose lede van die geestelike wêreld (Ef 3:10; 6:12; Kol 1:16). Die punt is eenvoudig: *Satan, demone en ander mededingende seuns van God het nie geweet wat God se plan was nie*. Hulle het verseker geweet wie Jesus was toe Hy met Sy bediening begin het. Hulle het Jesus “Seun van God” en “Seun van die Allerhoogste” genoem (Matt 4:1-11; 8:29; Mark 1:12-13, 21-24; 3:11; Luk 4:1-13, 31-37; 8:28). Die Ou Testament het dit redelik duidelik gemaak dat God nog ‘n menslike familie wou hê om saam met Hom te heers soos in die oorspronklike plan in Eden. Satan en sy vriende kon geraai het dat Jesus hier was om die plan aan die gang te kry. Hulle het geen idee gehad hoe nie. Die logiese ding vanaf hulle uitkyk was om Hom dood te maak. Dit was die sleutel tot alles. God het hulle soos dwase uitoorlê.

Dit is maklik om te grinnik oor hoeveel slimmer God was as Sy bonatuurlike vyande. Ons moenie die punt mis nie. God het nie by die mens aangesluit om Satan of die demone dom te laat lyk nie. Hy het dit gedoen omdat Hy *jou* in Sy familie wou hê. Hy het geen ander motivering nodig gehad nie. Jy was genoeg.

Daar is steeds meer aan die verhaal. Jesus het Sy deel gedoen. Ons moet die rol van die Gees van nader bestudeer vir ‘n eenvoudige maar belangrike rede – dit is direk aan ons rolle verbind om God te help om so veel as moontlik mense te werf, terug in Sy familie.

# Hoofstuk Vyf

## God Streef Sy Familie Na

Soos genoem in die vorige hoofstuk, die uitstorting van die Heilige Gees was die vervolmaking van die nuwe verbond beskryf in Jeremia en Esegiël (Jer 31:31-34; Eseg 36:22-28). Die Gees se bediening in elke gelowige maak die oorwinning oor onsedelikheid moontlik. Dink aan dit as ‘n klap in die gesig van die gevalle seuns van God. Dit is ook ‘n meer direkte aanval op ‘n ander groep bonatuurlike skurke.

Die Gees se aankoms het ‘n infiltrasie veldtog geloots teen die seuns van God aan wie God die geskeide nasies toegeken het (Deut 32:8) – die bonatuurlike wesens wie weggedraai het van om God te dien en korrup geraak het, wie mense misbruik het onder hulle heerskappy (Psalm 82).

Jesus het dit alles geweet. Ons mis dit gewoonlik as ons die boeke van die Nuwe Testament lees wat na die opstanding gekom het (‘n voorbeeld is die einde van die boek van Handelinge of die boek van Openbaring).

*Die Begin van die Einde*

Die hemelvaart van Jesus het die koms van die Gees in werking gestel (Joh 14:26; 15:26; 16:7; Luk 24:49). Terwyl die opgewekte Jesus steeds op die aarde was, het Hy aan sy volgelinge vertel wat gaan volg:

> Terwyl Hy ‘n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het. Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne ‘n paar dae met die Heilige Gees gedoop word. . . . Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.” (Hand 1:4-5, 8)

As jy die boek van Handelinge aanhou lees sal dit nie lank vat om te besef wat Jesus voorspel het nie. Nadat Hy hulle verlaat het (Hand 1:9-11), het die Gees gekom in (letterlike) vlammende heerlikheid in die volgende hoofstuk.

> Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. Skielik was daar ‘n geluid uit die hemel soos van ‘n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle

> het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. (Hand 2:1-4)

Die res van die verhaal vertel ons dat die Heilige Gees die volgelinge van Jesus in staat gestel het om in verskillende tale te praat. Hulle het die verhaal van Jesus vertel – Sy dood en opstanding – aan Jode van oor die hele wêreld. "Jode" was die naam wat gegee was aan die Israeliete in vreemde lande, wie verstrooi was oor die hele wêreld gedurende die ballingskap in die Ou Testamentiese tye. Die Jode, wie die preek in hulle eie taal aangehoor het vanaf die volgelinge van Jesus, was die afstammelinge van die Ou Testament Israeliete. Hulle het na Jerusalem gekom om een van die heilige feeste op die ou Israelietiese kalender te vier.

Die mense in Jerusalem wie geweet het wie die volgelinge van Jesus was, het gedink die hele publieke vertoning was dronk waansin. Dit was net nie moontlik dat die mans eweskielik in ander tale kon praat nie. Petrus, die apostel, het dit vir hulle uitgeklaar. Eerlikwaar, hy het meer gedoen as dit, hy het hulle berispe:

> "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: 'Sò sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. Ja, op my dienaars en my dienaresse sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. . . . So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.' "Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dade, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self. God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak. Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. . . . Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor." (Hand 2:14-19, 21-24, 33)

Petrus het hulle vertel wat hulle besig was om te sien met hulle eie oë en hoor met hulle eie ore, was 'n wonderwerk van God bewerkstellig deur die aankoms van die Heilige Gees. Hy het hulle vertel dat God Sy Gees gestuur het om hulle te vertel wat gebeur het. Die Messias het gekom, was doodgemaak, het opgestaan uit die dood – en hulle moes glo. Die resultaat van Petrus se verduideliking was verstommend. Drie duisend mense "is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg" (Hand 2:41).

Die is gewoonlik die punt in die verhaal waar die prediker aanbeweeg (of terugbeweeg) om oor die kruis te praat. Dit is alles goed en wel, aangesien die kruis en die opstanding gelei het tot die gebeurtenis. Weereens mis ons iets *baie* noemenswaardig van die verhaal.

*Bonatuurlike infiltrasie*

Onthou, wat gebeur het in Handelinge 2 was oor die uitstorting van die Gees. Die aankoms van die Gees was die beslissende element van die nuwe verbond – ‘n nuwe stel beloftes wat God aan die mens gegee het. Baie Christene besef nie dat dit ook beteken het dat God ‘n geestelike oorlog geloods het om, nie net die Jode wat Jesus verwerp het te herwin nie, maar ook die Heidene, mense van die nasies wie Hy verwerp het by die Toring van Babel. *God was besig om Sy familie agterna te sit* en dit het nie saak gemaak waar Sy kinders gewoon het nie. Hy wou hulle gehad het en sou hulle kry.

Die skrifgedeelte wat ons gelees het in Handelinge 2 vertel ons dat die Gees gekom het met wind en vuur (Hand 2:2-3). Vuur en “brandende rook” was alledaagse elemente in visioene van God se teenwoordigheid in die Ou Testament (Eks 13:21-22; Eseg 1:4, 13, 27). God het met tye in ‘n “warrelwind” verskyn (Jes 6:4, 6; Eseg 1:4; Job 38:1; 40:6). Jode wat Petrus se boodskap gehoor en die uitstorting van die Gees met hulle eie oë gesien het, het geweet die dag van verlossing het gekom.

Dink oor wat gebeur het in die toneel. Drie duisend Jode wat in die buiteland gewoon het tussen die nasies waar hulle voorvaders heen vertrooid was, het na Jerusalem gekom vir ‘n godsdienstige feesdag. Hulle was getuies vir die uitstorting van die Gees en het gehoor van Jesus, die Messias, en wat Hy gedoen het. Hulle het in Jesus geglo. Hulle het Christene geword, Sy volgelinge. Wat dink jy het hulle volgende gedoen?

Hulle het huistoe gegaan.

Hoekom maak dit saak? Want nou het die verlore en vervreemde nasies, drie duisend evangeliste gesaai tussen hulle. Hulle was soos geheime agente, versteek in vyandige grondgebied wat  geheers was deur ander gode. Hulle sou God se aanvanklike middel word om die grootte van Sy familie te vermeerder. Hulle was die eerste aanslag. Hulle missie? Dieselfde missie wat Jesus vir Sy dissipels gegee het: die Groot Opdrag. Christene ken die verse goed:

> Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. (Matt 28:19-20)

Weereens is iets gemis. Dit is verseker die Groot Opdrag maar ek het vers 18 weggelaat, die een wat gewoonlik weggelaat word wanneer mense praat oor ons missie om te evangeliseer. Hier is die volle verklaring van Jesus met iets belangriks in vetskrif:

> Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "**Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde**. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." (Matt 28:18-20)

Het jy dit gesien? Jesus het alle outoriteit (mag) in die hemel en *op die aarde*. Die outoriteit in die hemel gedeelte is maklik om te verstaan. Jesus het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God (Kol 3:1; Heb 12:2). Wat beteken die "op die aarde" gedeelte? Dit is maklik oorgeslaan. Sy hemelvaart – wat natuurlik Sy opstanding gevolg het – het die einde van die outoriteit gemerk van dié wat krag gehou het op die aarde tot op daardie punt. Wie was dit? Die gevalle seuns van God, aangestel oor die nasies toe God hulle geskei het (Deut 32:8).

*Jy Het Geen Rede Om Hier Te Wees Nie*

Die implikasie is dat die opstanding en Jesus se terugkeer na die hemel, beteken het dat die outoriteit van die opstandige seuns van God tot niet gemaak is. Hulle het nie meer wettige heerskappy oor die mense van die nasies gehad nie. Verlossing was nie net vir die Israeliete (Jode) nie, al was die Messias 'n afstammeling van Abraham en Dawid. Jesus was die Messias van almal, die regmatige Heer van elke nasie. Die opstanding, opvaring en uitstorting van die Gees het die begin gemerk van die einde vir die gevalle seuns van God. Hulle het hulle geldigheid verloor.

Dit is hoekom die Nuwe Testament die opstanding en die hemelvaart assosieer met die verslaan van die bonatuurlike kragte van die donker. Toe God "Hom uit die dode opgewek het" (Kol 2:12) was nie net ons sondes vergewe nie (Kol 2:13-14), maar "nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het" (Kol 2:15). Onthou dat "owerhede en magte" terme is wat Paulus gebruik vir die gevalle seuns van God wat die bose gode van die nasies geword het in die Ou Testamentiese tye (Rom 8:38; 1 Kor 15:24; Eff 1:21; 2:2; 3:10; 6:12; Kol 1:13).

Die "owerhede en magte" is 'n gunstelling uitdrukking van die apostel Paulus om die verslane kragte van die donker te beskryf. Nadat Hy uit die dood uit opgestaan het, het Jesus "heengegaan na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is" (1 Pet 3:22). Toe God Jesus opgewek het en aan Sy regterhand laat sit het, was Jesus geplaas ver "bo" die owerhede, magte, kragte en heerskappy, "nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige" (Ef 1:20-21). In daardie toekomstige wêreld

sal Jesus “die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het” (1 Kor 15:24).

Paulus het die opstanding en hemelvaart gesien as die teken van die begin van die einde vir die gevalle seuns van God wat aan die nasies toegeken is. Dit is nie verbasend dat hy die gedagte ook koppel aan die verlossing van die Heidene, die mense van die vervreemde nasies. Die opgestane Jesus en die Gees sou die Heidene verlos het van die donker kragte wat hulle in slawerny gehou en misbruik het (Ps 82:2-5).

Onthou dat God na die onderverdeling van die nasies by Babel aan Abraham verskyn het. Hy het aan Abraham gesê dat deur hom en sy afstammelinge, al die nasies eendag geseënd sou wees. Paulus, die apostel vir die Heidene, het daardie belofte goed geken. Hy het geskryf dat Jesus “die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het”, wat gegee was aan Abraham en sy afstammelinge sodat “die ander nasies God oor sy ontfering sou verheerlik” (Rom 15:8-9).

Paulus was nie klaar nie. Hy was lief om die Ou Testament aan te haal om te wys dat God nooit opgegee het op die Heiden nasies nie. Hy wou hulle nog die heeltyd in Sy familie gehad het. Paulus het geweet dat die Messias, die “geslag van Isai” in die Ou Testament (Isai was koning Dawid se vader), “... sal opstaan om die nasies te regeer; op Hom sal die nasies hulle hoop vestig” (Jes 11:10). Paulus het geweet dat die verlate nasies, eendag die ware God sou aanbid (Ps 177:1).

Die program – ‘n veldtog van geestelike oorlogvoering – was geloots toe die Gees uitgestort was en 3,000 mense geglo het in Jesus (Hand 2). Daardie nuwe gelowiges het terug gegaan na hulle tuis lande. Die evangelie van Jesus het die nasies geïnfiltreer wat onder die heerskappy was van vyandige bonatuurlike kragte. Die Bybel verwys na dit as die groei van die “koninkryk” van God. Soos mense weggedraai het van die korrupte, bose gode wat nie ewige lewe kon aanbied nie en lede van God se familie geword, het God se koninkryk gegroei. Soos een koninkryk verminder, vermeerder die ander.

Die koninkryk van God is dus alreeds hier, in ‘n seker sin . . . maar nog nie heeltemal in ‘n ander sin nie. Daar is nie ‘n oomblik wat verbygaan waar God ophou om die kinders wie Hy liefhet en wil hê, agternana te sit nie. Sy ongesiene hand is orals, in alle omstandighede, besig om Sy kinders te beïnvloed en te bemagtig om Sy familie te laat groei. Eendag sal God se plan ‘n hoogtepunt bereik. Alles sal volbring word. Die einde van die verhaal sal die een wees wat die Skrywer nog al die pad in gedagte gehad het.

## Hoofstuk Ses

## God Is Verewig By Sy Familie

Ek het die laaste hoofstuk geëindig met 'n goeie begrip op sommige ooglopende punte. Christus het opgestaan. Almal wie hulle vertroue plaas in wat Christus aan die kruis en met Sy opstanding gedoen het as die enigste verlossing, sal die ewige lewe hê. Terwyl ons *reeds* lede is van Christus se koninkryk (Kol 1:13), het die koninkryk *nog nie* in volheid en finaliteit gekom nie.

Dieselfde is waar oor die verslaan en vernietiging van Satan en die verskeie gevalle seuns van God. Dit is alreeds in uitvoering, maar *nog nie* verwesenlik nie. Satan het geen eis – geen eienaarskap of krag van die dood – oor enige lid van die koninkryk van God nie. Ons behoort aan God deur Jesus en Hy het die dood oorwin sodat ons opgewek mag word tot die ewige lewe met Hom en God die Vader (Rom 6:8-9; Rom 8:11; 1 Kor 6:14; 15:42-49). Nogtans, "die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is" (Ef 2:2), is vandag nog lewendig.

Op dieselfde manier is die kragte van die donker onttroon, maar hulle het nie oorgegee nie. Hulle weerstaan, besig om 'n verlore stryd te veg. Elke persoon wat die verlossing van God deur Jesus omhels, is "uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet" (Kol 1:13). As die koninkryk van God groei, verminder die koninkryk van die donker.

Dit is maklik om verlore te raak in die steeds teenwoordige boosheid en leiding van die wêreld in plaas daarvan om na die toekoms te kyk. Partykeer is dit moeilik om te onthou dat Jesus "wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring" (Gal 1:4).

Die Bybel veroordeel nie die dilemma nie. Die Bybel is eerlik oor dit. "Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. . . . [D]ie skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê" (Rom 8:18-21).

*Die Verhaal se Uitroepteken*

In wat oorbly van die verhaal, wil ek fokus op die ongelooflike einde. Jy weet dat elke goeie verhaal, 'n onvergeetlike einde het. Die bybelse verhaal is geen uitsondering nie. (As jy harpe en wolke verwag, raak maar gewoond aan teleurstelling).

Ons neig om die finale toneelstuk van die Bybel verhaal te prosesseer in terme van wat ons *kry*. ‘n Voorbeeld hiervan is dat ons die ewige lewe sal hê en nie die dood nie. Dis opwindend, maar “ewige lewe” vertel ons nie veel nie. Dis ‘n beskrywing van ‘n tydperk, nie kwaliteit nie.

Die kwaliteit van die ewige lewe word beter verstaan as ons die einde van die verhaal prosesseer as lewe in ‘n nuwe, globale Eden. Die boek van Openbaring, die laaste boek in die Bybel, voltooi die verhaal met Edeniese beelde (Open 21-22). God is daar. Hemel het terug aarde toe gekom. Jesus is daar. Die boom van die lewe is daar. Dié Eden is eintlik beter as die oorspronklike Eden. Boosheid is van kant gemaak. Daar is geen rebellering wat wag om te ontplof in die wêreld nie. Die skepping is dus perfek ge-optimaliseer. Daar is geen sieke of dood enigsins in die plant, dier of menslike ondervinding nie. Daar is geen predasie of geweld nie. Dit is soos niks wat ons al ooit ondervind het nie.

Die “Eden standpunt” bring ons nader aan wat die Bybel self beklemtoon met die klimaks van die verhaal. Die skrifgedeelte uit Romeine 8 wat ek ingesluit het bo pas ons denkwyse ‘n klein bietjie aan na die regte hoogtepunt van God se plan: “God bekend sal maak wie sy kinders is. . . . die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê.” Ja, die skepping kreun om nuut gemaak te word, maar daardie verlossing is gekoppel aan die verheerliking van God se menslike familie.

Met ander woorde, *ons* is die slotsom van wat God gedoen het. *Ons status* as Sy kinders wat permanent geskik is vir Sy teenwoordigheid en permanent teenwoordig is by Hom, is die voorgrond van die Bybel se verhaal. *Waar* ons leef is slegs landskap (geen twyfel dat dit skouspelagtig is). Die boek van Openbaring se finale visioen van die nuwe Eden maak die punt duidelik vir my wanneer dit begin met die finale toneelstuk op die manier:

> Toe het ek ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos ‘n bruid wat vir haar man versier is. Toe het ek ‘n harde stem van die troon af hoor sê: “**Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.**” (Open 21:1-3)

*Ewigdurende Identiteit*

Die skrifgedeelte waar “God bekend sal maak wie sy kinders is. . . . die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê” is ‘n ander manier om te sê dat ons verander sal word en gemaak sal wees in die gestalte van Jesus. Soos die apostel Johannes gesê het, “Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is” (1 Joh 3:2). Dieselfde gedagte word verwoord op ander maniere:

> Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. (Rom 8:29)

> Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. (Fil 3:20-21)

Ons voorland is om volmaakte beelddraers van God te word soos die perfekte beelddraer van God – Jesus. Dis alreeds aan die gang: "Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe" (2 Kor 3:18). Die Bybel sluit ons verhaal af met die opwekking en transformasie. Ons word verwek tot die ewige lewe en 'n verheerlikte liggaam gegee, soortgelyk aan die een wat Jesus gehad het na Sy opstanding. Paulus verwys na dit as 'n "geestelike liggaam" (1 Kor 15:35-58).

My gunsteling skrifgedeelte oor ons finale bestemming en verheerliking is 'n bietjie meer onduidelik. Dit is 'n gedeelte in die boek van Hebreërs waar Jesus ons aan God voorstel en God aan ons. Jesus staan voor God en "die gemeente," die hemelse seuns van God. Hy bely met vrymoedigheid dat Hy geen skaamte voel om ons as sy broers en susters in die familie te hê nie (Heb 2:11) en sê dan aan God en die bonatuurlike lede van die familie: "Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing. . . . Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het" (Heb 2:12-13).

*Dit* is jou bestemming – om 'n permanente, wettige lid van God se familie te word. Op die einde, *behoort* jy in God se familie. Dit is wat Hy wou gehad het van die heel begin af. *Dit* is wat die hele skepping na hunker.

*Ewigdurende Vennootskap*

Het jy al ooit 'n gesprek gehad oor wat die lewe in die nuwe skepping (hemel) sal behels? Ek het al baie mense gehoor dit beskryf as 'n eindelose aanbiddingsdiens of 'n eindelose Vraag & Antwoord sessie met Jesus of 'n verheerlikte kerk ontmoet-en-groet is. (Die laaste een verskrik introverte soos ek).

Terwyl ons seker dinge kan aflei met ons verbeelding oor wat lewe in 'n perfekte Eden mag wees, vertel die Bybel ons nie baie van die ondervinding nie. Wat die Bybel wel noem, verwerp die soort raaiskote wat bo gelys word. "Aan elkeen wat die oorwinning behaal," volgehou in hulle geloof in Jesus, sal "mag en gesag oor die nasies" ontvang (Open 2:26). Jesus sal hulle saam "met My op my troon laat sit" (Open 3:21). Dat ons eendag "oor die engele sal oordeel" (1 Kor 6:3).

Wat beteken hierdie aanhalings? Ons kan begin deur te vra wie die nasies *nou* regeer? Die antwoord is die gevalle seuns van God, aangestel oor die nasies by Babel. Met ander woorde, die nasies op die oomblik is nog nie ten volle (of selfs meestal) deur God teruggeëis nie. Die uitbreiding van die koninkryk van God is 'n geleidelike proses soos ons agtergekom het – 'n proses "alreeds" begin maar nog nie voltooi nie. Wanneer die proses voltooi is in die eindtyd, sal gelowiges "oor die engele oordeel" – ons sal oordeel uitspreek oor die gevalle seuns van God deur om hulle te vervang. Ons sal oor die nasies heers met Jesus as ons koning – en broer.

Wanneer ek oor die idee praat kry ek 'n lys van onvermydelike vrae: Watse take sal ons verrig? Sal sekere gelowiges meer outoriteit hê as ander gelowiges? Sal ek 'n ander gelowige se baas wees? Hoe kan ons almal heersers wees? Bepaal ons dade wie heers oor wie?

Dit is alles verstaanbare vrae *van mense wie in 'n onperfekte, gevalle wêreld lewe*. Ons perspektief is besmet met die gebrekkige, beskadigte wêreld wat ons ondervind. Die Bybel stel nie ons finale bestemming voor as 'n baas-werker verhouding nie. Dit is 'n vader-kind verhouding. Ons, God se kinders, werk *saam met* Hom tesame met ons broers en susters, menslik of goddelik. Ons beeld God nou gesamentlik op die manier wat ons bedoel was om te doen. Die broer wat ons almal na die meeste opkyk, is Jesus. God se kinders is almal soos Hy gemaak, die perfekte beeldhouer van ons Vader.

Die punt is dat ons heerskappy in die nuwe Eden nie oor hiërargie gaan nie; dit gaan oor *familie vennootskap*. Wanneer al die familie lede verheerlik is, verdwyn enige behoefte vir 'n toesighoudende hiërargie.

Om eerlik te wees, ons kan onself nie so iets voorstel nie. Ons lewe in 'n korrupte wêreld. God wil ons hê – Hy wil jou hê – om die lewe te ondervind saam met Hom, soos Hy dit bedoel het om te wees. En eendag sal ons. Soos die Bybel sê:

> "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie,
> en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie,
> dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet." (1 Kor 2:9)

## Samevatting en Voorskou

Nou weet jy waaroor die Bybel werklik gaan. Dit is ‘n ongelooflike verhaal.

Jy is waarskynlik besig om te wonder waarheen ons gaan van hier af. Daar is belangrike beginsels om oor na te dink, ten opsigte van die verhaal.

Vroeg in die verhaal het ek dié oor Abraham geskryf:

> Die apostel Paulus het Abraham as ‘n voorbeeld gebruik vir sy getroue geloof (Rom 4:1-12). Abraham het geglo en was aanvaar deur God *voordat* hy enige reëls onderhou het. Die reëls was daar om te wys hy glo. Hulle het nie geloof vervang nie. Geloof (vertroue) was die een noodsaaklike ding. Getrouheid aan daardie geloof – tot daardie God – is iets waaroor ons later sal gesels. Vandag noem ons dit dissipelskap. Geloof en getrouheid is twee duidelike dinge. Hulle is verwant maar nie verwisselbaar nie. Dieselfde is waar van verlossing en dissipelskap.

Die paragraaf is ons padkaart vir die res van die pad. Die frase “getroue geloof” sal ons gids wees. Laat ek illustreer:

### “GETROUE”

In die laaste gedeelte van die boek gaan ons leer oor dissipelskap. “Dissipel” is ‘n term wat “volgeling” beteken. Om ‘n dissipel te wees beteken om Jesus te volg – om Hom na te boots. Jesus het gesê “wie My sien, sien die Vader” (Joh 14:7, 9). Jesus se leefwyse het gewys dat Hy lief is vir God – dat Hy getrou was teenoor Sy Vader en Sy plan. Dissipelskap is hoe ons wys dat ons Jesus liefhet en God liefhet. Dit is *nie* om God se liefde te verdien nie. Dit is hoe ons Jesus bedank vir die vervulling van God se plan om ons te red. Dit is nie om wat Jesus vir ons verlossing gedoen het, te vervang of aan te vul nie. Dit is hoe ons wys dat ons glo in wat Hy gedoen het vir ons verlossing (Jak 2:14-26).

### “GELOOF”

In die volgende gedeelte gaan ons praat oor die evangelie. Ons sal praat oor wat dit is en nie is nie. Ons sal leer wat dit beteken – wat die inhoud van die evangelie is volgens die Bybel. Dit is belangrik want om te **glo** in die evangelie is hoe ons lede van God se familie word. Dit is hoe ons gered word. Verlossing deur geloof. Dit is die manier waarop God verlossing aan ons bied, die pad wat Hy geskep het om by Sy familie aan te sluit. Dit sentreer alles in wat Jesus gedoen het.

Soos ek vroeër genoem het, geloof en getrouheid is twee verwante, maar verskillende dinge. Hulle is nie verwisselbaar nie. Dieselfde is waar van verlossing en dissipelskap. Ons glo die evangelie vir ons verlossing. Ons wys getrouheid aan ons Verlosser deur om Sy dissipel te wees.

# Deel II: Die Evangelie

## Hoofstuk Sewe

## Wat Is Die Evangelie

Dit mag dalk snaaks klink om dié vraag nou te vra. Ons het reeds soveel tyd spandeer om deur die verhaal van die Bybel te werk, die verhaal van hoe God ons in Sy familie wil hê. Ons sluit by daardie familie aan sodra ons die evangelie glo.

Ek het gevind dat baie mense wat kerk bywoon, nie werklik die evangelie verstaan nie. Sommige kan dit nie verwoord nie. Ander wie dit duidelik *kan* verwoord, worstel gereeld om aan die eenvoudigheid van die evangelie waarlik oor te gee. Hulle het 'n inwendige worsteling om waarlik te glo dat die evangelie al is wat ons nodig het vir die ewige lewe.

Sommige van julle mag wonder waaroor ek praat. Ek sal 'n weddenskap aangaan dat, soos ek verduidelik wat ek bedoel, jy jouself of iemand wat jy ken sal raaksien in wat volg.

Ons begin deur om die evangelie te verklaar. Ek sal belangrike vrae, vir duidelikheid, vra soos ons aangaan. Ons moet ook praat oor wat die evangelie *nie is nie*. Wanneer ons by daardie gedeelte van die gesprek kom, sal jy sien wat ek bedoel met die worsteling wat ek genoem het.

*Wat Is Die Evangelie?*

Dit is redelik maklik om die betekenis van die *term* "evangelie" te verklaar. Die bybelse woord "evangelie" verwys na die boodskap van verlossing. Die Afrikaanse woord "evangelie" is 'n vertaling vanaf 'n Griekse woord (die oorspronklike taal van die Nuwe Testament) wat verwys na 'n beloning wat gegee word aan iemand wat goeie nuus gebring het. Daarom sal jy gereeld hoor dat die term "evangelie", gelykgestel word aan "goeie nuus" – die goeie nuus oor die verlossingsboodskap.

Dink daaroor. Dit mag voel asof ons iets geleer het. Ek veronderstel ons het, maar ons het nie werklik geleer wat ons wou weet nie. Dit is lekker om 'n term te kan *verklaar*, maar ons het in werklikheid niks genoem oor die *inhoud* van die verlossingsboodskap nie. Ons het verklaar wat die woord "evangelie" na verwys, maar nie wat die evangelie werklik *is* nie.

Kom ons praat oor wat die evangelie *beteken*. Wat is die *inhoud* van God se verlossings aanbod? Wat die *besonderhede* van die goeie nuus is? Die woord kom amper 100 keer voor in die Nuwe Testament en ons is veronderstel om dit te kan verklaar.

Die apostel Paulus praat waarskynlik meer oor die evangelie boodskap as enige ander Nuwe Testamentiese skrywer. Hy gebruik die woord "evangelie" vir die boodskap wat hy oor Jesus verkondig:

> Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan. Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. . . . Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. (1 Kor 15:1-4)

Paulus definieer sy boodskap, die evangelie, elders:

> Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God. . . . dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore; op grond van Sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag geklee is, Jesus Christus ons Here. Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring. (Rom 1:1-5)

Die inhoud van die evangelie – die goeie nuus – kom duidelik na vore in dié skrifgedeeltes. Hier is die elemente:

- God het Sy Seun gestuur . . .
- Wie gebore was uit die geslag van Dawid . . .
- As die man Jesus Christus . . .
- Wie gesterf het vir ons sondes . . .
- Wie begrawe is . . .
- En wie opgestaan het uit die dood . . .

Die lys is die *inhoud* van die goeie nuus. Laat ek die elemente verwoord ten opsigte van die groter prentjie van die verhaal waaroor ons vroeër gepraat het:

> Die Seun van God het mens geword. Hy het gely en gesterf aan 'n kruis sodat ons sondes ons nie langer kan uithou uit God se familie nie. Hy het uit die dood opgestaan sodat ons ook die dood kan oorwin en by Sy Vader wees, ons Vader, die enigste ware God, veraltyd.

Laat ons dit so bietjie ontleed. As dit die goeie nuus is, *hoekom* is dit goed? Baie redes. Dit is goed want ons verlossing hang nie van ons eie prestasie af nie. Daar word niks genoem oor jou wonderlike verlede of om 'n skoon blaadjie te hê in daardie skrifgedeeltes nie. Die inhoud van die evangelie is nie oor wat jy gedoen het, of dalk mag doen, of nodig het om te doen nie. Dit is

oor wat iemand anders vir jou gedoen het. Dit is goeie nuus vir ons almal, want nie een van ons is perfek nie. Nie een van ons stel God die heeltyd tevrede nie. Nie een van ons is geskik om in Sy familie te wees en geroep te word op sy naam op ons eie nie. *Ons moet aanvaarbaar gemaak word vir God*. Die inhoud van die evangelie vertel ons hoe dit gebeur.

Let op dat Paulus sy bediening, om mense te vertel van die goeie nuus, beskryf as "mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring." Hy wou gehad het dat die wat sy boodskap gehoor het, "vashou" aan dit wat hy gesê het. Hoe "gehoorsaam" jy die evangelie? Word gedoop? Gee geld? Gedra jouself goed? Wees nie 'n skobbejak nie? Help die armes? Dit alles is die moeite werd om te doen, maar *Nee*. God wil "die gehoorsaamheid van *geloof*" hê. Jy gehoorsaam die evangelie deur om *dit te glo*.

Let op, Paulus het nie gesê "die gehoorsaamheid van begrip" nie? Ons mag dalk nie heeltemal verstaan hoe God 'n mens kon word in Jesus of hoe die opstanding kon gebeur het nie. Dis orraait. God verwag nie van ons om 'n oplossing vir alles te kry en dan terug na Hom te kom om 'n finale eksamen te skryf nie. Hy wil *geloof* hê. Om die rasionele denkwyse agter die dinge te verstaan, kan wag.

Die inhoud van die evangelie is God se aanbod om jou te vergewe en jou 'n permanente plek in Sy familie te gee. Sy aanbod wys Sy liefde en goedheid. Die Bybel gebruik soms die woord "genade" in die plek van "liefde en goedheid". Aangesien daar geen groter krag is nie, was God nie gedwing om die aanbod te maak nie. Niemand is besig om Sy arm te draai nie. Hy bied jou verlossing aan omdat Hy jou wil hê. Al wat Hy vra is dat jy glo.

*Dit* is die goeie nuus van die evangelie.

*Hoekom Benodig Ons Die Evangelie?*

Jy mag dalk dink dat ek dit reeds beantwoord het. Ek het, soort van, met 'n ompad. As gevolg van my ervaring in Christelike sirkels, moet ek kortaf wees.

Hoekom het ons die evangelie nodig? Want sonder dit het ons geen hoop vir die ewige lewe saam met God nie. Geen. Ons is vervreemd vanaf God as gevolg van ons sonde. Om die evangelie te glo is die geneesmiddel.

Die Bybel verduidelik ons penarie op verskeie maniere. Jesus het gesê Hy was hier om "te soek en te red wat verlore is" (Luk 19:10). Van nature is ons "dood as gevolg van julle oortredings en sondes" (Ef 2:1, 5) en "goddeloses" (Rom 5:6). Ons het "geen deel aan die lewe wat God skenk nie" (Ef 4:18) en "vyandiggesind" teenoor Hom (Kol 1:21), want ons was Sy "vyande" (Rom 5:10). Dit is nie 'n mooi prentjie nie.

Die bybelse verhaal wat ons behandel het verduidelik hoekom ons is wat ons is. Ons is nie gebore in God se familie nie. Ons is buitestaanders. God wil ons nog steeds in Sy familie hê. Omdat ons God se natuur ontbreek, maak ons misbruik van ons intelligensie en vryheid om te kry wat ons wil hê, dikwels deur ander te benadeel in die proses. Ons lewe in ‘n selfvernietigende wyse. Wanneer ons nie na die beeld van God leef en Sy wette breek, wanneer ons oortree, manipuleer en ander misbruik, sondig ons. Ons is van nature sondaars – self-geabsorbeerd en opstandig. “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Rom 3:23).

Dit is maklik om dit te lees en dan depressief of kwaad te wees. Die goeie nuus van die evangelie is dat God dit alles geweet het en ons nog steeds lief het. Dit is ook nuttig vir ‘n rede wat nooit by jou mag bygeval gevind het nie. Dit is wat die evangelie heeltemal verskillend maak van ander godsdienstige leeringe oor verlossing. Elke ander godsdiens ontken dat sonde ‘n probleem is of sê dat menslike prestasie – herhalende rituele, gebede opsê, godsdienstige dae te onderhou of om goed te wees - die oplossing is.

Om dit eenvoudig te stel, dis net die evangelie wat eerlik is oor die omstandighede van die mens en menslike onvermoë om iets daaraan te doen. Ander godsdienste effektiewelik lieg vir jou – hulle vertel jou dat jy jou distansie probleem vanaf God kan regstel of dat jy nie ‘n probleem het nie. Die evangelie is die enigste waarheid wat jou vertel dat God alleenlik die oplossing kon voorsien en gegee het. Die evangelie is deursigtelik eerlik. Dit vertel jou die waarheid al maak dit seer. Dit wys liefde. Om vir jou te lieg is nie liefde nie.

*Is Daar Ander Maniere Om Gered Te Word?*

Ek het min of meer dit nou net beantwoord, maar ek wil die vraag op ‘n ander manier benader.

God bied vergifnis, verlossing en die ewige lewe saam met Hom aan, *gratis*. Dit is nie iets wat verwerf of verdien word nie. Inteendeel, dit kan nie verwerf of verdien word nie. Wat vereis word, is geloof – om jou vertroue in God se beloftes en die volmaaktheid van wat Jesus gedoen het, te plaas.

Om die evangelie te glo, beteken om *nie* die ander leeringe te *glo* oor die idees van verlossing. Die Bybel vertel ons dat daar geen ander manier is vir verlossing. Dink daaroor. Hoekom sal God die Vader Sy Seun Jesus stuur om so ‘n gruwelike dood te sterf op die kruis as daar ander maniere was vir jou om in die Hemel te kom? Die Seun moes mens word en die dood moes oorwin word. Dit was die enigste manier en om in God se plan van verlossing te glo is die enigste weg. Daar is geen persoon behalwe Jesus wie kan red nie (Hand 4:12). Jesus het dit eenvoudig gestel: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh 14:6).

Daar is geen onduidelikheid nie. Niemand word ‘n lid van God se veraltyd-familie behalwe deur wat Jesus gedoen het nie. Jy voeg nie die evangelie by ander gelowe nie. Dit is eksklusief. Om die evangelie te glo beteken om *weg te draai* van ander gelowe af. Dit is een aspek van wat die Bybel bekering noem. Daar is ander aspekte maar dit is beter om hulle in die volgende deel van die gesprek aan te spreek.

*Wat Die Evangelie Nie Is Nie*

Ons bespreking oor die *inhoud* van die evangelie maak dit duidelik dat die evangelie gaan oor wat Jesus behaal het vir ons ontwil. Die ewige lewe, verlossing, is ‘n gawe gegee aan die wat glo in wat Jesus behaal het vir ons ontwil.

Ons kultuur probeer om die duidelikheid te verwar. Dit bied selfverbetering of ‘n vae “geestelikheid” as plaasvervanger aan. Die bybelse beskrywing van die evangelie verwerp sulke dinge. Die evangelie (en verlossing) het niks te doen met persoonlike ontwikkeling, om “binnewaarts te kyk” of ‘n pad van selfontdekking nie. Die evangelie gaan nie oor om idees te verken vanaf ‘n geestelike mengelmoes af nie. Dit is intellektuele of sielkundige ywer en aktiwiteite. Dit is nie die evangelie nie.

Die soort “alternatiewe evangelies” is maklik om te herken en te elimineer. Daar is ‘n baie moeiliker struikelblok wat baie mense weerhou om tevrede te wees in die eenvoudigheid van die verlossing wat God aanbied.

Ek het vroeër voorgestel dat baie mense wat jy in die kerk sal ontmoet, struikel met die evangelie. Die rede is omdat hulle in die prestasie lokval vasgevang is. Jy of iemand wat jy ken mag dalk die *term* evangelie kan definieer, selfs die betekenis van die inhoud van die evangelie, maar die idee om te glo wat Jesus gedoen het vir jou is al wat jy benodig om die ewige lewe te bekom, klink net nie reg nie. Sekerlik moet ons iets *doen*. Hoe anders kan ons dit verdien?

As jy die Bybel se verhaal verstaan en die inhoud van die evangelie, behoort jy onmiddelik te begryp dat ons *nie* verdien wat God ons aanbied *nie*. Dit is ‘n struikelblok vir baie mense. Ons wil voel asof ons die goeie dinge wat ons het, verdien het. Ons wil nie ‘n welwillendheidsaak wees nie. Dit voel verkeerd om ‘n goeie ding te kry sonder om vir dit te werk, ten minste so bietjie.

‘n Skuldgevoel verdraai ons denke in meer subtiele maniere. Dit kan ons vermoë lamlê om die evangelie te sien as die onvoorwaardelike geskenk wat dit is. ‘n Skuldgevoel is wat sekere mense dryf om ‘n geskenk te regverdig, deur om af te lei dat dit verdien is as gevolg van iets wat hulle een of ander tyd gedoen het vir die geskenk-gewer. As hulle hulleself nie kan oortuig van dit nie, doen hulle iets na die tyd om hulleself te laat voel asof hulle die geskenk verdien het.

‘n Skuldgevoel verblind ons om die liefde van God, wat in die evangelie getoon word, te sien. Op die einde, moet ons begryp hoe selfgesentreerd die denkwyse is.

Dit mag hard klink, maar luister. Om hard te werk sodat iemand anders dink jy het waarde, vereis dat jy op jouself fokus. Jy kan nie gefokus wees op iemand anders wanneer die doel is om ‘n ander persoon te laat dink jy is waardig vir hulle aandag of liefde nie. Ons wil goed voel oor onsself (d.i., ons het wettiglik iets verdien, so ons vat nie wat nie aan ons behoort nie). Ons wil ook hê ander moet so oor ons voel (d.i., ons wil hê ander moet iets aan ons gee as gevolg van die manier hoe *ons hulle* maak voel oor ons).

Die evangelie verwyder dit en gooi dit weg. Dit ontbloot ons, vereis ons naakte nederigheid. Dit dring aan dat die fokus heeltemal op God en Jesus is. Dit is hoekom dit ‘n bitter pil is om te sluk vir so baie. Dit laat ons nie toe om die krediet te neem nie.

Waarop dit neerkom is dat die evangelie *niks* omgee oor wat jy doen nie, maar *alles* omgee oor wie jy alreeds is. Jy is ‘n mens. Jy is die voorwerp van God se liefde en God se plan van die heel begin af. Niks van dit vereis prestasie nie. Dit *is* net.

Omdat ons sondaars is wat leef in ‘n gevalle wêreld, is ons vasgevang in ons denke dat niemand ons sal liefhê as hulle ons heeltemal ken, binne en buite, nie. Gevolglik kan ons nie dink dat God ons sal liefhê, aangesien daar niks oor ons is wat Sy aandag ontsnap nie. Hy ken elke gedagte, woord, impuls en daad. Die skuldgevoel wat in ons geskep word en die normaliteit van ons voorwaardelike verhouding, maak die ongefiltreerde liefde van God vir ons in die evangelie moeilik om te aanvaar. Vanaf ons perspektief, maak dit nie sin nie.

Ek moet sê op hierdie stadium stel ek nie voor dat mense wie die ware evangelie hoor en dit aanvaar met alle opregtheid, nie werklik gered is nie. Ek glo waarlik dat *hulle glo* en is in die familie van God.

Wat ek beskryf is die siel-verpletterende interne lewe wat baie van daardie gelowiges nog lewe. Hulle skuldgevoel het die liefde en genade van die evangelie verander na ‘n prestasie-gesentreerde, verdienste gebasseerde ondervinding. Hulle begin wonder of God hulle steeds liefhet soos in die oomblik toe hulle die evangelie verstaan het en dit geglo het. As gelowiges, sien hulle die sondes wat hulle pleeg as die redes vir God om on-entoesiasties en teenstrydig teenoor hulle te wees. Hulle is oortuig dat hulle nie goed genoeg is om aan God se verwagtinge te voldoen nie en wonder of hulle “genoeg geglo” het of dalk nie werklik geglo het toe hulle gedink het dat hulle wel geglo het nie.

Die hartseer waarheid is dat baie *opregte* Christene leef ‘n gemartelde, verslane lewe, nie as gevolg van die evangelie nie, maar as gevolg van die manier wat hulle skuldgevoelens die duidelikheid van die evangelie verdraai. Wanneer hulle Skrifture lees sien hulle slegs hulle

sondes en mislukkings. Elke preek is ‘n beskuldiging (en predikers behoort hulleself te skaam wat preek met dit as hulle hoof doelwit). Die skouspelagtige wonder van die verhaal raak verlore en vergete.

Verlossing is *nie* oor prestasie *nie*. Dit was nog nooit, sal nooit wees en *kan nooit wees nie*. Ons kan niks doen om onsself op die vlak van God te plaas, om onsself aanvaarbaar te maak vir Sy teenwoordigheid nie. *Ons kort God se volmaakte natuur.* Ons is soos God, geskep om Hom na te beeld, maar word gedefinieer as *minder* as God en Hy weet dit. Dit is hoekom Sy oplossing Jesus was, *nie jy nie.*

Dit is belaglik om te dink dat ons die gaping kan oorbrug of vul deur om dit te doen of nie dat te doen nie. God leer nooit niks van jou wanneer jy misluk nie. Hy het jou al die pad geken en nog steeds liefgehad waar jy was en is. Romeine 5:8 sê dit die beste: “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was”. Het jy dit opgetel? *Toe ons nog sondaars was.* Jy het nie nodig om te presteer op ‘n genoegsame vlak om God aan te por om jou lief te hê nie. As jy daaroor dink, is dit *werklik* goeie nuus. God is *nooit* teleurgesteld met jou nie, omdat Hy nooit valse verwagtinge het van jou gedrag nie. God het jou die heeltyd liefgehad. “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê” (Joh 3:16).

Ons kan dit verwerk na twee gedagtes toe. Verlossing – lidmaatskap in God se familie – kan nie verdien word nie. Dit kan slegs ontvang word, deur geloof. God bied dit aan omdat Hy genadig en liefdevol is. Daar is geen ander rede en daar sal ook geen ander rede kan wees nie.

# Deel III: Om Jesus Te Volg

## Hoofstuk Agt

## Wat Is Dissipelskap?

Die evangelie is bedoel om transformerend te wees. Enigiemand wat die evangelie aanneem, "is 'n nuwe mens; die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor 5:17). Hoe lyk dit in werklikheid?

Jy mag dalk die antwoord herroep op die vraag. Ek het vroeër genoem dat 'n dissipel 'n volgeling was – meer spesifiek, 'n volgeling van Jesus. Ek het "volg" gedefinieer as om Jesus na te boots of na te beeld. Om "gelykvormig aan die beeld van Jesus" te word, is ons finale roeping (Rom 2:29; 2 Kor 3:18; Kol 3:10).

Ons motief om Jesus na te beeld is nie om God te *maak* ons liefhê, sodat Hy ons kan toelaat in die hemel nie. God het alreeds elkeen van ons lief "toe ons nog sondaars was" (Rom 5:8) en God se "vyande" was (Rom 5:10). Ons gaan hemel toe – ons word deel van God se familie – wanneer ons die evangelie *glo*. Op ons eie is ons verlore en benodig 'n Verlosser (Luk 19:10), vervreemd van God (Ef 4:18). Toe *dit* ons situasie was, het God ons liefgehad. Hy het nie gewag tot na ons ons weë verander het om ons lief te hê nie.

Ons motief om Jesus na te beeld is ook nie sodat God ons moet *aanhou* liefhê, met die doel om ons te red van die verderf op die einde nie. Dit wat nie behaal kan word deur prestasie, kan nie verloor word deur prestasie nie. Verlossing het niks met ons waarde of verdienste te doen nie. Dit het alles wat iemand – Jesus – vir ons gedoen het, te doen. "Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees" (2 Kor 5:21). Ons kan geen krediet neem vir verlossing. Jesus kry al die krediet.

*Om Duidelik Te Dink Oor Dissipelskap*

Ons moet versigtig dink oor hoe dit alles toepaslik is op dissipelskap.

As gevolg van die prestasie lokval wat ek vroeër genoem het, moet ons 'n duidelike begrip hê oor die feit dat verlossing en dissipelskap nie dieselfde ding is nie. Baie gelowiges begin hulle eie werke of prestasie onbewustelik byvoeg tot die evangelie as gevolg van die skuldgevoelens vir hulle sondes. Die resultaat is geestelike slawerny, nie die lewe van oorvloed wat Jesus vir ons wil hê nie (Joh 10:10; 2 Kor 1:5; Eff 3:20).

Verlossing is 'n gawe van God aan ons gegee wanneer ons die evangelie *glo*. Dit is onverdiend. Nogtans, God bied dit aan ten spyte van ons sondes en vyandigheid teenoor Hom. Dissipelskap

is iets wat ons doen as *gevolg* van ons geloof in die evangelie. Ons beeld Jesus na om ons liefde te wys vir Hom en vir God. Jesus was die volmaakte beelddraer van God en ons wil op dieselfde manier lewe.

Daar is baie redes om te leef soos Jesus – om ‘n heilige lewe te leef. Om God se liefde te verdien is nie een van hulle nie. Verlossing kos ons niks nie; dit is verniet vir almal wat glo in die evangelie. Dissipelskap, nietemin, kos ons iets. Om Jesus te volg is meestal nie maklik nie. Om ‘n dissipel te wees vereis keuses – om God lief te hê en te eer, om mense te behandel vir wat hulle is – mede-beelddraers van God wie Hy liefhet en wil inbring in Sy familie, deur die evangelie.

Dink oor Jesus se eie lewe. Dit was nie maklik nie. Soos die Bybel sê, “omdat Christus self vir julle gely en so vir julle ‘n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg” (1 Pet 2:21). Jesus het ‘n lewe geleef van opoffering. Hy het God eerste geplaas, gevolg deur Sy “naaste” (almal anders):

> “’Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand’. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.” (Matt 22:36-40)

Jesus het nie so geleef sodat God Hom sou liefhê of gelukkig met Hom sou wees nie. God het Jesus reeds liefgehad, lank voor Hy gekom het en “werke gedoen” (prestasie) het om die verbond te vervul. Hy het Jesus liefgehad “voor die skepping van die wêreld” (Joh 17:24).

Om Jesus te volg kan moeilik wees. Aangesien geen gelowige soos Jesus is wanneer hulle begin glo nie – en aangesien dit net so moeilik is om aanhoudend soos Jesus te leef – moet elke dissipel ‘n hartsverandering ondergaan (wat die Bybel “bekering” noem) oor sy gedrag. Ek weet ek het. Daar was dinge gewees wat ek moes ophou doen en dinge wat ek moes begin doen het. Niks van dit was om God my te maak liefhê nie. Hy het my reeds liefgehad.

Jesus het gedoen wat Hy gedoen het omdat Hy God liefhet. Ons moet ook. Jesus het op ‘n sekere manier geleef om ander te help om in Hom te glo en in God se plan. Ons moet ook. Jesus het geweet hoekom Hy op die aarde was – hoe Hy ‘n aaklige dood sou sterf namens ons. Hy het ook in God se plan en krag vertrou. Hy sou opstaan uit die dood en weereens saam met Sy Vader wees.

Ons moet dieselfde ewige perspektief hê. Die wêreld is nie ons regte tuiste nie. Dit is tydelik. Die volgende een is permanent. As gevolg van wat Jesus gedoen het sal ons die ewige lewe in daardie wêreld erf en dié een agterlaat. Die doel van ons lewens moet wees om ons getrouheid en dankbaarheid te wys aan die Een wat ons gered het en ander help om deel te word van God se familie.

Wat as ons misluk? Wat as ons sondig? Ons sal albei doen. God weet dit. Hy ken mense taamlik goed! Hy weet wie ons is. Hy het ons reeds liefgehad nog voor ons enigsins belang gestel het om Hom terug lief te hê. Hy het ons liefgehad toe ons nog Sy vyande was – "toe ons nog sondaars was" (Rom 5:8). God het ons liefgehad voordat ons in Sy familie was. Hoekom sal Hy ons minder liefhê, of ophou liefhê, noudat ons in Sy familie is? Wanneer ons sondig en misluk, vergewe Hy ons. Hy wil hê dat ons dit moet *glo* en terugkeer om Jesus na te beeld.

*Hoekom Moet Ons Soos Jesus Leef?*

Ek het genoem dat daar baie redes is om soos Jesus te leef, maar *om God se liefde te verdien is nie een van hulle nie.* Wat is die redes?

Eerstens, sonde is self-vernietigend en beskadig, nie net ons nie, maar diegene om ons. In my eie uitgebreide familie het ek die nagevolge gesien van alkoholisme, dwelm verslawing en ontrouheid. Dit is ooglopend dat dit lewens vernietig. Dit moet ewe ooglopend wees dat die dinge wat die wêreld – die ongelowige kultuur – aanbied vir plesier en self-bevrediging, tydelik is en het geen ewigdurende waarde nie. Die kultuur vertel ons om jou "lewe te leef", om ons eie "geluk" te bevredig ongeag van die ellende wat ons keuses skep. Dit bied geen perspektief op die ewigheid nie. Dit lei ons om te lewe slegs vir die hede. Daar is geen hoër roeping nie. Die Bybel ontbloot die denkwyse vir wat dit is:

> Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe. (1 Joh 2:15-17)

Tweedens en in baie opsigte die teenoorgestelde van die eerste, om 'n goddelike lewe te leef seën ander. Die waarheid is dat die wyse waarop ons leef en dink, ander mense seën of hulle vervloek. Jesus het mense bedien en was 'n seëning aan hulle. Om 'n lewensstyl, gedryf deur self-bevrediging en self-absorpsie, na te streef, is nie vervullend nie. Elke supermark poniekoerant bied voorbeelde van daardie realiteit aan. Om mense te seën weerspieël nie net Jesus nie, maar lei tot persoonlike vervulling. Jou lewe is van belang wanneer dit geleef word in diens van ander.

Derdens, 'n goddelike lewe laat ons toe om 'n volgehoue getuie van die evangelie te wees. As iemand na ons lewens kyk en nie enige verskil kan sien tussen ons en die ongelowige wêreld nie, nie 'n lewe sien in diens van ander nie, sal hulle nie die evangelie geloofwaardig vind nie (of hulle sal verward wees). Hulle sal ons lewens sien as 'n weerspreking van die boodskap van Jesus. Met ander woorde, mense sal verwag dat ons soos Jesus leef, die persoon Wie ons sê

hulle liefhet. Dit is nie onredelik nie. Die alternatief is skynheiligheid en niemand waardeer skynheiligheid nie.

Om ‘n goddelike lewe te leef is nie om ‘n plek in die hemel te verdien nie. Dit is nie om God in ons skuld te plaas as gevolg van ons “geestelike punte” wat ons bymekaar gemaak het nie. Skrifgedeeltes soos hierdie het ‘n heeltemal ander fokus:

> En nou doen ek ‘n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. (Rom 12:1-2)

> Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: “Die Here ken dié wat aan Hom behoort,” en: “Elkeen wat sê dat Hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtigheid.” In ‘n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Sommige is vir besondere gebruik en ander vir die alledaagse. As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy ‘n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens. (2 Tim 2:19-21)

> Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – maak dan nou my blydskap volkome deur eengesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ‘n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. (Fil 2:1-8)

Die skrifgedeeltes gee ons ‘n idee oor hoe ons moet leef, maar ons het nogsteeds nie die besonderhede van dissipelskap gekry nie. Hoe moet ‘n dissipel leef? Wat moet ‘n dissipel doen? Gelukkig het Jesus en Sy oorspronklike dissipels, die eerste Christene, dit duidelik gemaak. Jesus het Sy volgelinge nooit gesê om iets te doen wat Hy nie Self gedoen het nie – en Hy het hulle gewys hoe om dit te doen. Hulle het op hulle beurt Sy voorbeeld gevolg en ander geleer om dieselfde te doen in die eerste dae van die groentjie kerk.

## Hoofstuk Nege

## Wat Doen 'n Dissipel?

Dit mag verbasend klink, maar Jesus het nie Sy dissipels beveel om baie dinge te doen nie. Sy visie om God en ander lief te hê was nie ingewikkeld nie. Die dinge wat Hy hulle wel beveel het om te doen, was diep en lewensveranderend wanneer dit prakties toegepas was. Ons sal begin met die belangrikste punt om 'n dissipel te wees:

*Dissipels het God, Hulle Naaste en Mekaar Lief*

Ons weet hoe Jesus 'n lewe toegewy aan God opgesom het. Die grootste gebooie was:

> Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat. (Matt 22:36-40)

Jesus het hierdie dinge gedoen. Hy het Sy dissipels vertel, "die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het" (Joh 14:31). Hoe het Jesus gewys dat Hy God, Sy Vader, liefhet? Hy het God gehoorsaam. Hy het God se plan vir Hom vervul. Hy het hulle ook vertel, "Soos die Vader My Liefhet, het Ek julle ook lief" (Joh 15:9). Jesus het Sy dissipels gevra om dieselfde te doen, soos Sy kommentaar op die twee grootste gebooie dit duidelik maak.

Jesus het verder gegaan deur Homself as 'n voorbeeld te gebruik. Hy het Sy dissipels beveel om mekaar lief te hê soos Hy hulle lief het. Wanneer hulle dit doen, sal hulle gehoorsaam wees aan Hom en God tevrede stel. Hy het aan hulle gesê:

> Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê. Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel. Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het. Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê! (Joh 15:13-17)
>
> . . . Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is. (Joh 13:34-35)

Liefde vir God en liefde vir mekaar is, volgens Jesus, die fundamentele, onontbeerlike tekens van Sy dissipels. Jesus het nie die twee gebooie as teenstrydig gesien op enige manier nie. Hulle was nie in spanning nie. Hulle was twee kante van dieselfde muntstuk. Hulle was onafskeidbaar.

Hoe het ons mense lief? Die hoogste tentoonstelling is om jou lewe te gee: "Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê" (Joh 15:13). Dit is wat Jesus vir ons gedoen het:

> 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. (Rom 5:7-8)

Kort van hierdie uiterste tentoonstelling, kan ek nie dink aan 'n beter beskrywing as 1 Kor 13:4-7 nie. Dit beklemtoon alles wat nodig is om gesê te word. Hier is die eienskappe van liefde vanuit die skrifgedeelte:

- Die liefde is geduldig
- Die liefde is vriendelik
- Die liefde is nie afgunstig nie
- Die liefde is nie grootpraterig nie
- Die liefde is nie verwaand nie
- Die liefde handel nie onwelvoeglik nie
- Die liefde soek nie sy eie belang nie
- Die liefde is nie liggeraak nie
- Die liefde hou nie boek van die kwaad nie
- Die liefde verbly hom nie oor onreg nie
- Die liefde verheug hom oor die waarheid
- Die liefde bedek alles
- Die liefde glo alles
- Die liefde hoop alles
- Die liefde verdra alles

Jy sal die punte in die lys tipies sien op kaartjies vir Valentyns Dag of romantiese goedere. Ons is veronderstel om ons eggenoot lief te hê of daardie persoon wie ons hoop ons eggenoot sal word. 1 Kor 13:4-7 is nie werklik oor romanse nie. Dit gaan oor hoe ons veronderstel is om mense te hanteer in die algemeen. Dat hulle dit as liefde herken is irrelevant, God sal dit sien en weet.

Sekere stukkies moet in konteks gelees word van ander stukkies in die lys. 'n Voorbeeld hiervan is, "die liefde glo alles" moet gebalanseer word met "die liefde verheug hom oor die waarheid".

Ons kan nie “die liefde glo alles” isoleer en aflei dat die liefde vals of bose leeringe glo nie. Op dieselfde manier, “die liefde hoop alles” verwys nie na die hoop van boosheid teen iemand nie. In die algemeen is die lys maklik om te verstaan – en ‘n daaglikse uitdaging om uit te leef.

Laaste punt voor ons aanbeweeg. Dit is belangrik om te besef dat omtrent alles wat volg in wat dissipelskap beteken brei uit vanaf die eerste bevel van Jesus: “Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is” (Joh 13:34-35). Om mekaar lief te hê – om mense lief te hê – is die middelpunt van oriëntasie vir die ander dinge wat dissipels doen (bid, vas, gee, lidmaatskap, ens.). Alle ander dinge is ‘n tentoonstelling van dié fundamentele bevel.

*Dissipels Sorg Vir Mekaar*

Die element van dissipelskap is ‘n uitvloeisel van om mekaar lief te hê. Om mekaar op te pas beteken *om deel te wees* van ‘n *koesterende* gemeenskap.

Soos meer en meer mense die evangelie aangeneem het in die dae wat Pinkster gevolg het (Hand 2:1-4), het hulle deel geword van die groeiende gemeenskap wat die “kerk” genoem sou word (in hulle geval, die een in Jerusalem). In die Nuwe Testament het hierdie term nie verwys na ‘n gebou of ‘n amptelike organisasie nie. Die Nuwe Testament vertel ons dat die kerk in Jerusalem brandarm was. Hulle het nie ‘n gebou gehad om in te vergader nie (en daar was duisende nuwe gelowiges; Hand 2:41, 47; 5:14). Hulle het nie enige amptelike wettige status gehad nie en as gevolg was gelowiges vervolg (Hand 3:11-4:31; 5:17-42).

As “die kerk” nie oor ‘n gebou gegaan het of ‘n organisasie met ‘n wettige status nie, wat het dit beteken? Hoe het die volgelinge van Jesus hulleself ondersteun? Hulle het ‘n vaste, selfopofferende gemeenskap gevorm. In moderne kerke gebruik ons die woord gemeenskap te gereeld om iets te beskryf nader aan ‘n groep mense wat ‘n belangstelling deel – soos om dieselfde sport span te ondersteun of gesamentlike ondersteuners van ‘n goeie doel te wees. Dit val ver kort van wat die Nuwe Testament gemeenskap was. Die Nuwe Testament kerk gemeenskap was ‘n familie gewees.

Wat is die verskil tussen ‘n familie en ‘n groep mense wat saam verbind is as gevolg van ‘n gemeenskaplike belangstelling? Baie dinge. Sou jy verwag dat iemand jou geld gee om jou huur of kruideniersware te betaal omdat jy dieselfde bofbal span ondersteun? Sou jy verwag dat iemand jou ‘n werk gee of jou kar herstel omdat jy vir dieselfde persoon gestem het of in dieselfde 5km wedloop gehardloop het om fondse in te samel vir ‘n doel? Natuurlik nie. Jy *sou* hulp verwag vanaf familie lede (of ten minste, dit is hoe familie – bloedverwant – veronderstel is om te werk).

Dis hoe die vroeë kerk was. Hier is ‘n voorsmaak:

> Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede. Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg. (Hand 2:41-47)

Die skrifgedeelte beskryf *nie* kommunisme of sosialisme *nie*. Dit beskryf nie *enige* politiese sisteem nie. Daar is niks in die skrifgedeelte oor ‘n regering of die Staat wat rigting gee of die gebruik van dwang vir die gedrag wat jy sien nie. Dit was heeltemal vrywillig. Dit beskryf die gedrag van ‘n gesonde, normale familie. Familie voorsien vir die benodighede van hulle lede. Dié familie bestaan toevallig uit duisende mense uit.

Dit is ‘n prentjie van wat dissipels doen. Hulle koester die gemeenskap. Hulle het mekaar lief en ondersteun mekaar soos ‘n familie sou doen. Dit beteken om hulpbronne te deel. Vir sekere gelowiges mag dit geld beteken; vir ander mag dit tyd beteken, of ‘n diens, of ‘n vaardigheid. Basies, die gemeenskap doen wat gedoen moet word vir diegene in die gemeenskap.

Jy mag dalk wonder, met so baie mense betrokke, hoe het die gemeenskap mekaar geken. Gelowiges sou saam vergader in die tempel (wat gewoonlik konflik veroorsaak het met die Joodse leiers, maar was goed vir evangalisasie) en “van huis tot huis” ontmoet (Hand 2:46; 5:42). Dit beteken dat “die kerk” in Jerusalem, die oorspronklike Christen gemeenskap, was in werklikheid ‘n netwerk van kleiner gemeenskappe. Mense in kleiner hoeveelhede binne in die gemeenskap was die eerste lyn van ondersteuning en erkenning van nuwe gelowiges.

Hierdie gemeenskappe was die toegangspunt vir nuwe gelowiges. Die Christen gemeenskap was vir mense wat die evangelie aangeneem het. Elke gemeenskap het deelgeneem in die dissipelskap van hulle lede en ook in die wyer, groter gemeenskap. Hoe het dit gelyk?

Die eerste ding wat gewoonlik gebeur het was om nuwe gelowiges te doop (Hand 2:41; 8:12-13; 10:47-48; 16:15). Die doop was ‘n openbare optrede (dit was waargeneem deur getuies – ander gemeenskap lede) om met Jesus en Sy volgelinge te identifiseer. Dit het baie dinge te kenne gegee, waarvan die vergifnis van jou sondes deel was, as gevolg van wat Jesus aan die kruis gedoen het en dat jy nou ‘n nuwe lewe het (Rom 6:1-4; 2 Kor 5:17). Die doop was die

eerste stap vir toegang tot die lewe in die gemeenskap. Die persone wat gedoop was het hulle geloof in Jesus erken en die getuies het hulle toewyding erken.

Wanneer gemeenskappe van gelowiges saam vergader het, het hulle behoeftes ontdek. As hulle aan die behoeftes van die mense in die klein gemeenskap kon voorsien, het hulle. Dit het gelowiges wat aan behoeftes voorsien het, toegelaat om Jesus na te boots. Vir diegene wat gehelp was, het in "reële tyd" geleer hoe om soos Jesus te leef. Wanneer die behoeftes groter was as wat die klein gemeente kon voorsien, was die wyer familie van gelowiges daar om te help. Dit was vir die wyer koördinasie van bediening dat die apostels, die oorspronklike dissipels van Jesus wie die leiers van die jong Jerusalem kerk was, helpers aangestel het ("diakens") om die "daaglikse versorging" (waarskynlik van kos voorsiening) te organiseer regdeur die hele gemeenskap (Hand 6:1-7).

Een van die gebruike van die vroegste kerke in hierdie verband was om 'n feesmaal te hou ter nagedagtenis van die "Nagmaal" (1 Kor 11:17-34). Die "Nagmaal" was 'n herdenkings feesviering van die Laaste Maaltyd, toe Jesus die dissipels vertel het dat Sy liggaam en bloed binnekort gegee sou word vir hulle. Jesus het hulle vertel dat om Sy lewe te gee, dit 'n vervulling van die "nuwe verbond" was (Luk 22:20). Die beskrywing van die feesmaal vir Nagmaal sê dieselfde ding (1 Kor 11:25). Nagmaal was 'n manier om te onthou wat Jesus gedoen het. Jesus het Sy dissipels gesê om dit te doen "tot my gedagtenis" (1 Kor 11:24-25). Dit was ook 'n ander manier om seker te maak die armes in die geloofsgemeenskap was versorg.

*Genootskap van Dissipel*

"Genootskap" is 'n Nuwe Testament woord wat die aktiwiteit beskryf van die geloofsgemeenskap. Om mekaar te versorg is deel van bybelse genootskap, want as gelowiges saam vergader, kan benodighede onderskei en voorsien word. Ons moet 'n kort bespreking oor genootskap hê sodat ons oor ander dinge kan praat wat dissipels doen.

Baie Christene vandag stel "genootskap" gelyk aan om pret saam met mekaar te hê. Om vermaaklike dinge saam te doen sal verseker verhoudinge versterk. Om die geselskap van mense te geniet bou bande. Dit is nie werklik bybelse genootskap in die sin van om 'n dissipel te word nie.

Die basiese verskil tussen vermaaklike dinge saam te doen en bybelse genootskap, is dat genootskap nie net gaan oor tyd saam spandeer nie. Dit is baie meer intensioneel.

Op die einde van die dag is die doel van genootskap "om eensgesind te word" rondom Jesus sodat ons "Sy gesindheid in ons" kan hê. Met ander woorde, die doel van genootskap is dissipelskap. 'n Paar verse van Filippense beskryf die gedagte:

> Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie. (Fil 1:27)
>
> Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. . . Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was. (Fil 2:1-2, 5)

Wat beteken dit om die gesindheid van Christus te hê en dan om eensgesind as ‘n gemeenskap van gelowiges te wees? Beteken dit dat almal dieselfde dinge glo tot op die kleinste besonderhede? Nee. Die Bybel praat van eenheid, nie van eenvormigheid nie. ‘n Beter manier om te verstaan wat dit is “om eensgesind te wees”, is dat elke lid van die gemeenskap dieselfde doel nastreef: om soos Jesus te wees. Die doel is harmonie, nie eenstemmigheid, in die nastrewe vir Christus-gelykenis en om in gemeenskap saam te leef as gelowiges.

Die eerste geloofsgemeenskappe was betrokke in ‘n klomp aktiwiteite om te bou na die doel. Hulle het gebid, gevas, aanbid en die Skrifte bestudeer. Aangesien al daardie aktiwiteite dinge is wat dissipels individueel doen sowel as saam, sal ek apart praat oor elkeen soos ons voortgaan.

*Dissipels Bid*

In die eenvoudigste terme is gebed om met God te praat. Ons moet dit so bietjie ondersoek. Weet God nie alreeds wat ek besig is om te dink nie? Hy doen. Gebed is nie om God in te lig nie. Gebed is ‘n manier om God te wys (en ander) dat ons afhanklik is Hom. Dit is ‘n manier om uiting te gee aan ons behoefte dat God aksie moet neem, dat ons nie staatmaak op onsself of dat ons nie ‘n oplossing self kan kry nie. Gebed koester ons eie sin van afhanklikheid en sekuriteit in God alleen. In daardie sin is gebed aanbidding. Dieselfde is waar van gebed in groepe.

In Lukas 11:1 het die dissipels, deur te verwys na Johannes die Doper en sy volgelinge, vir Jesus gevra, “Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.” Jesus se antwoord is die welbekende “Onse Vader” (Luk 11:2-4; vgl. Mat 6:9-15). Dit is belangrik om te noteer dat Jesus nie sy dissipels vertel het watter woorde om te bid in die Onse Vader nie. Eerder, Hy het hulle vertel om “so” te bid (Matt 6:9). Hy was besig om vir hulle ‘n voorbeeld te gee. Ons het nie nodig om formules of spesiale woorde te gebruik om met God te praat nie. *Praat net met God.* Gebed moet nooit gedoen word as vertoning nie (Luk 18:9-14).

Daar is niks in die Onse Vader waarvan God nie alreeds bewus is nie. Weereens, gebed is nie om gapings in God se kennis te vul nie. Eerder, die Onse Vader is deurdrenk met dinge soos aanbidding en eer vir God (“laat u Naam geheilig word”), gehoorsaamheid aan God se wil (“laat

U wil geskied”), vergifnis (“vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree”), en vra om verlos te word van versoeking en die bose (“laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose”). Gebed is iets wat ontwerp is om ons harte in lyn te bring met God se heerskappy vir ons lewens en om ‘n ingesteldheid te bou van afhanklikheid op Hom.

Die Bybel is gevul met gebede, beide individueel en korporatief. As jy die gebede lees dan leer jy dat gebed ook ‘n middel is van hoe ons ons gevoelens uitstort teenoor God – woede, berou, liefde, ens. God leer niks as ons dit doen nie. Ons leer om onsself te onderwerp aan Hom, deur te glo Hy is goed en weet wat die beste is vir ons en om God te vra vir hulp. Jesus het gesê God sou inderdaad antwoord in die wyer konteks van Sy wyse wil. Met ander woorde, God se antwoord mag nie altyd wees wat ons wil hê nie, maar God weet alles wat aangaan in die verloop van alle menslike ondervinding en gedrag, en bewerk Sy groter plan. God mag ook antwoord in ‘n onverwagse manier.

Die gebede van die Bybel is ook nie self-gefokus nie. Meeste van die gebede se inhoud is gemik om ander te seën of om God te vra vir genade vir ander. Paulus se briewe uit gewoonte sluit gebede in vir dié vir wie hy skryf. Gebed is nie altyd, of selfs meestal, oor om ons eie benodighede en behoeftes uit te druk nie.

Jesus het gereeld gebid. Hy het Sy eie leeringe gevolg dat gebed aanhoudend moet wees (Kol 4:2-6; Luk 18:1-8). Jesus se gebede was nie almal beantwoord nie – wat aanvaarbaar vir Hom was, aangesien Hy meer besorg was oor God se wil (Matt 26:36-46). Dit is ‘n belangrike herhindering oor gebed. Jesus het geleer dat God sou antwoord as ons bid (Luk 11:9-13), maar ons kan nie aanneem dat God sou antwoord in die manier wat ons wil hê as ons ongehoorsaam aan Hom is of nie in ooreenstemming is met Sy eie wil nie (Jak 4:3; 1 Joh 3:22; 5:14).

*Dissipels Vas*

Om te vas mag onbekend wees vir baie lesers. In die algemeen, om te “vas” van iets beteken om jou te *weerhou* van daardie ding. Om te “vas” van kos beteken om te gaan sonder om te eet. Dit is die soort vas wat ons die meeste sien in die Bybel, hoewel nie altyd nie. Jesus het gevas (Matt 4:2). Hy het aangeneem dat die dissipels Sy voorbeeld sou volg en hulle gewaarsku om nie skynheilig te wees wanneer hulle vas nie (Matt 6:16-18). Om te vas is nie om aandag te trek na jouself toe nie. Dit is tussen jou en God.

Om te vas is nie bloot om jouself van kos te weerhou nie. Jy kan vas van allerhande dinge op enige manier wat jy wil. Jesus het nie ‘n strategie voorgestel om gewig te verloor nie. Hy het iets anders in gedagte gehad wanneer Hy gevas het en oor vas gepraat het. Terwyl die Bybel baie voorbeelde van vas bevat, is daar nie spesifieke reëls nie. Paulus het genoem dat getroude

paartjies kon vas van seksuele omgang (1 Kor 7:1-5) om spesiale aandag toe te wy aan ‘n saak van gebed.

Hoekom moet ons vas? Paulus se woorde in 1 Kor 7:5 oor paartjies wat ooreenstem om hulleself van seksuele omgang te weerhou vir ‘n tydperk gee vir ons ‘n aanduiding: “Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir ‘n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy.” Om te vas is ‘n geestelike oefening ontwerp om ons te help om op gebed te fokus. Hoe doen vas dit? Dalk sal ‘n voorbeeld help. As jy besluit om te vas van kos vir ‘n dag, word jy herhinder om te bid elke keer as jy honger is. Jou vas is ‘n herhindering en verwys jou aandag na die rede wat jou laat besluit het om te vas.

‘n Ander manier om te dink aan vas is om te vra wat lei ons aandag af van gebed of, meer algemeen, ons pad saam met God. Die antwoord mag ons fone, televisie of ‘n stokperdjie wees. Dit is alles dinge wat ons eenkant kan sit vir ‘n tydperk (om te “vas” van) om ons gedagtes terug te bring na God en gebed toe.

Vroeë kerk gemeenskappe het gevas om gesamentlik te fokus op gebed (Hand 13:1-3; 14:23). In die Ou Testament, was gemeenskaplike vas ook ‘n manier om gesamentlike hartseer te toon vir sondes en belydenis (Jer 36:6; Joël 2:12).

*Dissipels Aanbid*

Jy mag dink dat aanbidding maklik is om te verklaar of te verstaan. Wel, dit is en dit is nie. Ons vergelyk te maklik aanbidding met wat tydens ‘n kerkdiens gebeur, veral met die musiek. Dit is nie aanbidding nie, ten minste nie hoe die Bybel dit verklaar nie, al was musiek en gesange deel was van Christen byeenkomste (Ef 5:19; Kol 3:16). Nog ‘n geneigdheid in ons kultuur is om te dink aan aanbidding as ‘n innerlike-gerigte mistieke gevoel of ondervinding. Dit is ook nie aanbidding nie. Daar is ‘n hele paar skrifgedeelte wat ons kan opkyk, maar kom ons kyk na twee:

> En nou doen ek ‘n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. (Rom 12:1-2)

> Maar daar kom ‘n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen. (Joh 4:23)

Ons het alreeds gepraat oor die eerste skrifgedeelte in ons bespreking oor ‘n heilige lewe te leef. Hoe aanbid jy God? Leef soos Jesus. Moenie gekonformeer word na die wêreld nie – na wêreldse waardes en self-bevrediging nastrewe. *Dit* is aanbidding. Ware aanbidding is dus ‘n saak van die hart.

Die tweede skrifgedeelte is interesant vir ‘n spesifieke rede. Jesus het die vrou vertel dat God mense soek om Hom te aanbid. Aanbidding is dus nie iets wat met ons ontstaan nie. Ons word *genooi* om gehoor te gee aan God se goedheid en liefde. *Hoe* en *waar* ons dit doen kan wissel. Ons kan dit individueel doen, met of sonder musiek, binne of buite ‘n kerkdiens. Ons kan dit ook gesamentlik doen in die gemeenskap van ander gelowiges.

Wanneer gelowiges in gemeenskap saamkom dan “spoor hulle mekaar aan tot liefde en goeie dade” (Heb 10:24-25). Met ander woorde, hulle druk mekaar tot geestelike aanbidding – om Jesus na te volg. Hulle loof God vir Sy goedheid, liefde en voorsienige teenwoordigheid in hulle lewens (Hand 2:46-47; Jak 5:13). Lof het die sing van liedjies en die maak van musiek ingesluit (Matt 26:30; Eff 5:19; Kol 3:16), maar is onmiskenbaar gekoppel aan om heilig te lewe “. . . sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik neerkom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer” (Fil 1:10-11).

Ons kan nie die feit ignoreer dat ons “geestelike aanbidding” van God intrinsiek verbind is na die manier wat ons leef nie (Rom 12:1-2). Dit is nie oor ‘n dertig-minuut ondervinding by die huis of in ‘n kerk nie. Dit is oor ‘n *lewe* georienteerd deur, en gelei deur, God.

*Dissipels Bely Sondes en Aanvaar God se Vergifnis*

Een van die dinge wat ‘n dissipel moet begryp is dat hulle gaan misluk sodra hulle reis om Jesus te volg, begin. Nie een van ons is sondeloos soos Jesus nie (2 Kor 5:21; 1 Pet 2:21-22; 1 Joh 3:5) en ons kan ook nie hoop om te wees nie. Die Bybel is duidelik oor dit. Die dissipels het gesondig (Mark 14:30, 68, 72). Een van hulle, Johannes, het later in sy lewe geskryf:

> Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie. (1 Joh 1:7-10)

Dit is wonderlik om te weet, dat ons lidmaatskap in God se familie, nie weens ons eie prestasie is nie. God kan nie aan ons verskuldig wees deur ons goeie werke nie. Hy skuld ons nie die ewige lewe op enige verdienste wat ons mag dink ons het nie. Ons prestasie (of gebrek

daaraan) het Hom nie weg beweeg van ons af nie. God het ons liefgehad “toe ons nog sondaars was” (Rom 5:8). As gevolg, moet ons onthou dat aangesien verlossing nooit verwerf kan word deur morele volmaaktheid nie, kan dit nie verlore gaan deur morele onvolmaaktheid nie.

In die lig van ons onvolmaaktheid, moet die ware dissipel van Jesus gefokus bly op die goedaardigheid en liefde van God. Kyk weer na die skrifgedeelte van Johannes se brief. Dit vertel ons presies wat om te doen wanneer ons God misluk, óf om iets te doen wat *nie* konsekwent is om Jesus na te streef nie, óf om iets onvoltooid te los wat konsekwent *is* om soos Hy te wees: “Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.” (1 Joh 1:9)

Wanneer ons sondig en misluk, moet ons dit erken. Dit is wat belydenis beteken. Ons moenie wegkruip, ons sondes verskoon of rasionaliseer nie. God wil hê ons moet dit erken. Hoekom? Ons moet nederig wees. Ons moet onthou dat verlossing gaan oor wat iemand anders – Jesus – vir ons gedoen het, nie wat ons verdien nie. Belydenis erken dat ons kinders van God is as gevolg van Jesus. Ons kan seker wees dat ons sondes, ons nie sal skei van God af nie; ons sal nie uit die familie uitgeskop word nie (Rom 8:31-39). God het geweet voordat ons die evangelie aangeneem het dat ons gebrekkig was. Dit is nie iets wat Hom verras nie. Dit verander nie hoe Hy oor ons voel nie.

Die vanselfsprekende vraag is dan, hoekom moet ons omgee as ons sondig. Die Nuwe Testament dissipels het op dié ingesteldheid in mense afgekom. Die apostel Paulus het dit genoem in sy brief aan die Christene in Rome:

> Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem? Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe? . . . Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. Julle moet geen deel van julle liggaam in diens van die sonde stel as ‘n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade. Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade? Beslis nie. Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe. (Rom 6:1-2, 12-16)

Let op dat die Bybel nie sê dat "God sonde belet nie, om nie te sondig of God sal jou nie meer liefhê nie!" Eerder, die bekommernis is die terugkeer na die verslawing van selfvernietiging. Dus, aan die een kant, sal ons sondig, maar op die ander kant, moet ons vermy om te sondig. Die stryd is iets wat die apostel Paulus goed ken (Rom 7:7-25), maar tog was hy 'n merkwaardige volgeling van Jesus. Die Nuwe Testament waarsku ons gereeld dat daar 'n oorlog aan die gang is binne ons. Ons harte wil Jesus volg, maar ons onvolmaakte self wil self-bevrediging en voortreflikheid hê in hoe ons lewe (1 Pet 2:11; Jak 4:1).

Soos ons streef om Jesus te volg, is dit 'n goeie idee, soos die slagspreuk gaan, "hou kort en gereelde interaksies met God". Die gedagte is dat wanneer ons misluk, ons vinnig moet wees om dit te bely en God bedank vir Sy vergifnis. Ons moet onthou wat ons sondes Jesus gekos het. Ons moet Hom getrou volg in liefde, deur dankbaar te wees dat Hy na die kruis gegaan het "toe ons nog sondaars was" (Rom 5:8) sodat ons Sy broers en susters kan wees.

*Dissipels Bestudeer die Bybel*

In die vroeë kerk het gelowiges geluister na die apostels se leeringe en die Skrifture bestudeer. Paulus en die ander sending-apostels het dieselfde gedoen wanneer hulle kerke gestig het op ander plekke (Hand 2:42; 4:2; 5:42; 17:10-11; 18:11; 20:20). Dit was die meer algemene manier gewees om die Bybel te leer in die Nuwe Testament era omdat meeste mense nie hulle eie afskrif van die Bybel gehad het nie. Baie gelowiges kon ook nie lees nie. Alhoewel ons deel is van 'n geletterde kultuur en toegang het tot die Bybel, kan ons bevoordeel word deur om in 'n gemeenskap te leer.

Om die Woord van God te leer is noodsaaklik om Jesus te volg. Hoe anders kan ons leer oor sonde (gedrag en houdinge om te vermy) en 'n Geesgevulde leefwyse (hoe ons onself moet gedra)? Die Skriftuur leer ons om te "breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig" (Ef 4:22-24). Wanneer ons deel van God se familie word deur geloof in die evangelie, woon die Gees in ons (1 Kor 3:16-17; 6:19-20; 2 Kor 6:16; Efe 2:22) en help ons om vrugbare lewens te leef:

> Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie. Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al derglike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie. Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. Dié

> wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. (Gal 5:18-24)

Dissipels leer en lewe die Woord van God uit in hulle lewens. Dit is hoe Jesus gewys het Hy het God lief – Hy het God se wil gehoorsaam. Gemeenskap is 'n betekenisvolle hulp in om dit te doen. In 'n gemeenskap kom ons in kontak met volwasse gelowiges wie Jesus al vir baie jare volg. Ons kan leer hoe hulle lewens verander het soos hulle geleer het om te "breek met die ou, sondige mens en lewe as nuwe mense." Ons kan na hulle gaan vir aanmoediging wanneer ons struikel in ons nastrewe om soos Jesus te wees. Hulle kan ons herinner van God se liefde en vergifnis. Hulle verstaan, aangesien elke Christen sukkel om weg te draai van sonde af en sukkel om die regte ding te doen (1 Joh 1:5-10). Selfs die apostels het gestruikel teen sonde en om te doen wat reg was (Rom 7:7-25; Gal 2:11-14). Gemeenskap beteken verantwoordelikheid, empatie en aanmoediging soos ons streef om meer na die voorbeeld van Jesus gekonformeer te word.

*Dissipels Ly*

Die element mag jou dalk verras, maar dit is duidelik in die Nuwe Testament. Jesus het Sy dissipels vertel:

> As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat. As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook ter harte neem. (Joh 15:18-20)

Dit is waar getroue geloof regtig getoets word. Dit is een ding om te leer dat ons 'n hartsverandering nodig het oor hoe ons moet leef. Dit is heeltemal 'n ander ding om Jesus te volg en te ly vir dit. Die apostels het gely omdat hulle Jesus gevolg het (Hand 5:41; 9:16; 21:13; 2 Kor 11:22-29). Om vas te hou aan geloof is die tema regdeur die Nuwe Testament (Rom 8:17-18; 2 Kor 1:3-7; Fil 1:27-30; 1 Pet 3:13-17). Petrus, een van die oorspronklike twaalf dissipels, het gesien hoe Jesus gely het en gevange geneem was vir Sy geloof (Hand 12:1-19). Hy het aan gelowiges geskryf wie verplaas en verstrooi was deur vervolging:

> As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. "Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie." Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig

> nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. (1 Pet 2:20-23)

Om lyding te verduur vereis van ons om te onthou dat die evangelie nie ‘n gemaklike lewe belowe het in die leeftyd nie, maar ‘n ewigdurende plek in God se familie in die lewe wat kom. Die wêreld is nie ons regte tuiste nie.

*Dissipels Maak Meer Dissipels*

‘n Liefde vir God, ons naaste en mekaar is die belangrikste aspek van om ‘n dissipel te *wees*, maar die belangrikste ding wat dissipels *doen* is om ander dissipels te maak. Dit was die taak wat Jesus Sy volgelinge beveel het net voor Hy in die hemel opgevaar het. Vir die rede is dit die Groot Opdrag genoem:

> Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” (Matt 28:18-20)

“Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels.” Dit was ‘n groot gedeelte van die verhaal van die Bybel. Die mag van die bonatuurlike kragte wat die nasies in slawerny gehou het, is weggeneem. God wil hê Sy kinders, Sy vennote – dissipels van Sy Seun, Jesus – moet orals die goeie nuus deel van die evangelie. God wil so veel as moontlik mense hê in Sy familie. Ons taak is om die goeie nuus te vertel, dit uit te leef voor hulle en hulle in die familie van God in te bring – en hulle leer om dieselfde te doen.

Hoe doen ons dit? Ons deel ons geloof – hoe ons die evangelie begin glo het. Dit is verbasend eenvoudig.

Eerstens, vertel die mense van jou lewe voor jy die evangelie geglo het en die vergifnis van God deur Jesus aanvaar het. Mense geniet verhale, veral oor ander mense. Hoekom? Daar is altyd iets in ‘n persoon se verhaal wat gekoppel kan word aan ons eie verhaal. Wanneer jy iemand vertel van jou lewe voor jy die evangelie verstaan het, sal daar besonderhede wees in jou lewe wat bekend sal wees aan die persoon met wie jy praat – en dalk sal baie wat in jou verhaal is, koppeling vind by hulle.

Tweedens, vertel hulle hoekom dit ‘n draaipunt vir jou was om die evangelie te hoor en te glo. Gewoonlik het dit iets te doen met die vergifnis van ons sondes. Dit is wonderlik om te weet dat ten spyte van die dinge wat ons gedoen het aan onsself en ander mense, God ons nog steeds liefhet en ons so graag wil hê, dat Hy ons verlossing aanbied. Deel dan die verhaal oor hoe God

Jesus gestuur het sodat ons vergewe kon word en die ewige lewe kan hê saam met Hom – die ding wat God wou gehad van die begin af.

Derdens, vertel mense wat die impak was om die evangelie te glo en vergewe te word in jou lewe. Vertel hulle hoe God se vergifnis, liefde en belofte van die ewige lewe is. Vertel hulle hoe dit jou perspektief verander het oor wie jy is en hoekom jy hier is. Vertel hulle hoe aanvaarding van die evangelie jou verander het.

Sommige mense sal dalk bewys wil sien van 'n veranderde hart. Dit is normaal – en 'n geleentheid om Jesus na te beeld. Dit is een van die belangrike redes om 'n heilige lewe te leef. Jesus het die mens liefgehad en bedien. Die mens smag na liefde en soek egtheid in ander mense. Om na mense te reageer soos Jesus sou, is kragtig. Hulle sal kennis neem. Hulle weet wanneer iemand hulle liefhet of nie. Hulle weet wanneer jy hulle bo jouself plaas ter wille van die boodskap van die evangelie. Almal het nie Jesus geglo nie. Almal sal nie glo in die evangelie wanneer jy dit met hulle deel en hulle hanteer soos Jesus sou nie. *Baie* sal.

## Belangrike Name en Terme (Woordelys)

- Terme ingesluit in die lys sluit nie terme in wat reeds in die boek verduidelik is nie. Gekapitaliseerde items en in vetskrif is ingesluit in die woordelys.

**Abraham** – Die man wat God gekies het om die voorvader te wees vir die mense wat bekend sou word as die Israeliete of Jode.

**Adam en Eva** – Die eerste twee mense (‘n man en ‘n vrou) geskep deur God.

**Apostel** – ‘n Griekse term wat “een wat gestuur is” beteken. Daar is verskillende soorte apostels in die Nuwe Testament.

**Assiriërs** – Historiese vyande van Israel vanuit Noordelike Mesopotamië.

**Babel** – Die antieke stad van Babilon, geleë in Suidelike Mesopotamië (moderne Irak).

**Babiloniërs** - Historiese vyande van Israel vanuit Suidelike Mesopotamië.

**Barmhartigheid** – Wanneer God die oordeel oor ons terughou wat ons verdien.

**Beloofde Land** – ‘n Term toegepas op geografiese Israel, die plek wat God aan Abraham belowe het as die plek waar sy nageslag hulle kon vestig. Voordat dit in besit geneem was deur Israel, was die land verwys na as Kanaan in die Ou Testament.

**Berg Sinai** – Die berg waar God Moses geroep het om die Israeliete uit te lewer vanuit Egipte en die plek waar God die Tien Gebooie aan Israel gegee het.

**Bonatuurlik** – ‘n Term wat verwys na dit wat verhewe is bo of wat buite die natuurlike (fisiese, materiële) wêreld en heelal val. ‘n “Bonatuurlike wese” verwys na ‘n wese wat ‘n geestelike wese is en by nature, liggaamloos is.

**Boosheid** – Wat God as moreel of eties sleg, skadelik en aanstootlik ag aan Hom of Sy skepping.

**Bybel** – ‘n Versameling van 66 antieke, heilige boeke, geskryf deur die mens, onder inspirasie van God. Die eerste 39 boeke is bekend as die Ou Testament, gevolg deur 27 boeke verwys na as die Nuwe Testament.

**Christus** – ‘n Griekse woord wat “gesalfde een” beteken; gelykstaande aan “Messias” en ‘n titel vir Jesus.

**Dawid** – Israel se tweede koning, aan wie God ‘n ewige regerende nageslag belowe het. Die Messias sou uit die regerende nageslag afkomstig wees.

**Dissipel** – As ‘n selfstandige naamwoord, iemand wat Jesus volg deur Sy lewe na te boots en onderdanig te wees aan Sy leeringe; as ‘n werkwoord, om iemand “te dissipel” is om hulle te leer om Jesus te volg.

**Drie-Eenheid** – Die drie persone van Godheid; die bybelse leering dat God is een maar bestaan verewig in drie persone.

**Drie-Eenheid (‘Godheid’)** – Die drie persone (Vader, Seun, Heilige Gees) van die een onvergelykbare God.

**Duiwel** – ‘n Ander naam vir Satan en die Slang of Draak. Sien die “Samevatting van Bonatuurlike Terme” wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Eksodus** – (1) Die naam van die tweede boek in die Bybel; (2) ‘n term vir die ontsnap uit slawerny deur historiese Israel uit Egipte.

**Engele** – Bonatuurlike wesens wat God dien en gelowiges in Jesus help. Die oorspronklike Hebreeuse term en Griekse term wat vertaal is as “engel” in die Afrikaanse Bybel beteken “boodskapper”. Die term “engel” is dus ‘n werksbeskrywing – dit beskryf die rol van ‘n lid van God se hemelse realm wat boodskappe van God neem na mense. Sien die “Samevatting van Bonatuurlike Terme” wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Evangelie** – Die boodskap van verlossing deur Jesus Christus.

**Evangelisasie** – Die onderneming om die boodskap van die Evangelie te versprei op verskillende maniere.

**Gees van God** – ‘n Ander term vir die Heilige Gees.

**Geestelike Oorlogvoering** – Die struid teen Sonde en die vyandige Bonatuurlike vorste wat die werking van die Groot Opdrag teenstaan. Sien die “Samevatting van Bonatuurlike Terme” wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Geloof** – Gelowige vertroue (in iemand of iets).

**Gelowige** – Iemand wat die Evangelie aanvaar of gelowige vertroue het in die Evangelie.

**Genade** – Wanneer God ons iets aanbied of gee wat ons nie verdien nie; God se goedhartigheid.

**Genesis** – Die eerste boek van die Bybel.

**God** – In die Bybel, wanneer die term in enkelvoud geskryf en gekapitaliseer is, verwys dit na die unieke, hoogste en onvergelykbare Bonatuurlike Wese wat alles wat is, geskep het en wat die mensdom liefhet.

**Groot Opdrag** – Die missie wat gegee was deur Jesus aan Sy volgelinge om die Evangelie te versprei en dissipels te maak regoor die wêreld.

**Handelinge** – ‘n Boek in die Nuwe Testament oor die geskiedenis van die eerste Christene.

**Hebreër** – ‘n Ander term vir “Israeliet”.

**Hebreeus** – Die taal wat die Ou Testament oorspronklik in geskryf was.

**Heiden** – ‘n Term wat enigiemand beskryf wat nie deel was van etniese Israel nie; dit wil sê, “nie-Israeliete.”

**Heilige Gees** – Die persoonlike Gees van God, gelyk aan Hom in wese.

**Hemelvaart** – Jesus se terugkeur na die hemel na Sy opstanding.

**Isak** – Die seun van Abraham wat gebore is uit Sara.

**Israel** – (1) Die nuwe naam van Jakob, die kleinseun van Abraham; (2) die Ou Testamentiese nasie wat God begin het deur Abraham en Sara.

**Israeliete** – Lede van Abraham se nageslag; lede uit die nasie van Israel.

**Jakob** – Die seun van Isak en dus, Abraham se kleinseun. Sy naam was later verander na “Israel”.

**Jesus** – Die Seun van God, gebore uit die Maagd Maria, maar Wie ook ten volle God is. God het ‘n mens geword as Jesus om God se plan van die Verlossing van die mensdom van Sonde te implementeer.

**Jode** – ‘n Ander naam vir “Israeliete,” die mense afkomstig uit Abraham. In antieke tye was die term gegee deur buitelanders aan die oorblywende twee Israelitiese stamme gestuur in ballingskap in.

**Koninkryk van God / Christus / Jesus** – Die heerskappy van God deur Christus op aarde met gelowiges. Die Nuwe Testament beskryf die koninkryk as ‘n huidige en vorderene koninkryk, maar wat nog wag vir die volle vervulling.

**Kragte van die Donker** – Alle bonatuurlike wesens vyandig aan God se plan vir Sy wêreld en menslike familie. Sien die "Samevatting van Bonatuurlike Terme" wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Kruis** – Die metode van teregstelling van Jesus. Die Romeinse kruis was 'n regop paal met 'n dwarsbalk waarop slagoffers vasgemaak of gespyker was en gelos om te versmoor na marteling. In die Nuwe Testament verwys "die kruis" ook na die plek waar sondes voor betaal was en Verlossing verseker was vir almal wie in die Evangelie glo.

**Messias** – 'n Hebreeuse term wat beteken die "gesalfde een." Dit verwys na die uiteindelike koning uit Dawid se geslag wat verlossing van sonde en vrymaking sou bring vir God se mense van hulle vyande. In die bybelse verhaal was Jesus die Messias. Die Griekse ekwivalent van die Hebreeuse term is "Christus". Dus is "Jesus Christus" dan "Jesus, die Messias."

**Moses** – 'n Israeliet gebore gedurende die slawerny van Israel in Egipte wie God gekies het om te bemagtig om Israel uit slawerny uit te lei.

**Nuwe Testament** – Die 27 boeke wat die Ou Testament volg. Hulle inhoud raak die lewe en bediening van Jesus, die geskiedenis van die eerste Christene en die verspreiding van Christene in die eerste eeu NC.

**Noag** – Die man wie God as regverdig beskou het in die tyd van die vloed. God het Noag instruksie gegee om die ark ('n groot skip) te bou om homself, sy gesin en die wilde diere van die groot vloed te red.

**Onsedelikheid** – 'n Term verwant aan die Bose en Sonde, hoewel dit gereeld verwys na die omvang en veelvuldigheid van bose gedagtes en gedrag.

**Opstanding** – (1) In die algemeen, die verowering van die dood deur nuwe lewe na die dood; (2) in die Nuwe Testament is dit 'n verwysing na die feit dat Jesus liggaamlik, drie dae nadat Hy tereggestel was op die Kruis, uit die dood opgestaan het, of die toekomstige opstanding van alle gelowiges na die ewige lewe op 'n nuwe aarde.

**Ou Testament** – Die eerste 39 boeke van die Bybel. Die inhoud is chronologies voor die geboorte van Jesus.

**Paulus** – 'n Apostel van Jesus wie se bediening gefokus is op die Heidene (nie-Israeliete).

**Petrus** – Een van Jesus se oorspronklike twaalf Dissipels.

**Salomo** – Een van die seuns van Dawid. Salomo het die troon geërf na Dawid se dood.

**Sara** – Abraham se vrou wie God bonatuurlik in staat gestel het om 'n kind te kan baar.

**Satan** – ‘n Naam gegee aan die slang in Eden wie Adam en Eva verlei het. Satan was die eerste bonatuurlike wese in God se skepping wat gerebelleer het teen God. Satan is God se aardsvyand in die Nuwe Testament. Sien die “Samevatting van Bonatuurlike Terme” wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Saul** – Israel se eerste koning.

**Seun** – In die Bybel, “die Seun” (gekapitaliseer) verwys na die tweede persoon in die Drie-Eenheid, Wie ‘n mens geword het in Jesus.

**Seuns van God** – In die Ou Testament was dit die bonatuurlike wesens wat of in die diens van God was of wie teen God gerebelleer het. Sien die “Samevatting van Bonatuurlike Terme” wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Slang of Draak** – Die vyand van Adam en Eva in die Tuin van Eden. Die Bybel verwys later na die slang as die Duiwel of Satan. Sien die “Samevatting van Bonatuurlike Terme” wat die woordelys volg vir meer inligting.

**Sonde** – Enige aksie of ingesteldheid wat rebelleer teen, of weerspreek, God se standaarde van geregtigheid, moraliteit en etiek.

**Sondeval** – Die Sonde van Adam en Eva in Eden en die daaropvolgende implikasies.

**Tien Gebooie** – Die aanvanklike tien morele wette gegee aan die Israeliete deur God na die Eksodus van Egipte.

**Tuin van Eden** – Die plek in God se oorspronklik geskepte wêreld waar Adam en Eva geleef het. God was ook teenwoordig in Eden.

**Verbond** – ‘n Ooreenkoms tussen twee partye. In die Bybel maak God verbonde met die mensdom waar Hy beloftes en seëninge betoon aan hulle. Verbonde mag of mag nie voorwaardes hê.

**Vergifnis (van sonde)** – Wanneer God iemand kwytskeld van hulle oortredinge en kwaaddoenery teenoor Hom. Wanneer God vergewe, word enige boete geskuld aan Hom, gekanselleer. Verwante beginsels sluit Genade, Barmhartigheid en Verlossing in.

**Verlossing** – Die verlossing van iemand wat die Evangelie glo vanaf hulle vervreemding van God as gevolg van sonde. In verlossing, iemand se sondes is vergewe deur om te bookskap van die Evangelie te glo. Verlossing hernuwe die gelowige in God se familie.

## Samevatting van Bonatuurlike Terme

Die Bybel voorsien ons van ‘n groot verskeidenheid van terme vir die wesens wat die geestelike wêreld bewoon. Christelike tradisies het gewoonlik die terme saamgesmelt wat verwarring veroorsaak het. Ek het baie van die akademiese loopbaan toegewy aan die onderwerp en sal enigiemand wat belangstel in die onderwerp van engele, Satan en bose geeste nooi om die volgende te lees (in die orde):

- *Supernatural: What the Bible Teaches About the Unseen World and Why it Matters*
- *The Unseen Realm: Recovering the Supernatural Worldview of the Bible*
- *Angels: What the Bible Really Says About God's Heavenly Host*
- *Demons: What the Bible Really Says About the Powers of Darkness*

Die eerste van die boeke is soos dié een – die is nie ontwerp om ‘n akademiese besprekeing te wees nie. Die ander drie boeke is akademies in natuur (baie voetnotas en besonderhede). Daar is duisende notas en verwysings in daardie boeke getrek uit vakkundige hulpbronne om die inhoud te ondersteun.

Vir nou mag dit hulpsaam wees om die bontuurlike wêreld, na verwys in ons voorlegging van die verhaal van die Bybel, te hersien of op te som.

Die Bybel leer ons dat daar ‘n onsigbare wêreld is – ‘n wêreld van geestelike wesens. Hierdie wesens het natuurlik nie liggame nie, alhoewel hulle ‘n fisiese vorm kan aanneem. Die geestelike wêreld is “bonatuurlik” – ‘n wêreld wat van ‘n verskillende natuur as die fisiese wêreld en anderkant (“verhewe-“) die natuurlike, fisiese wêreld is.

God is ‘n lid van die geestelike wêreld maar is verhewe aan dit as die Skepper van dit. God alleen is ongeskape en ewig. Hy het al die ander geestelike wesens wat die geestelike wêreld bewoon geskape net soos Hy alle lewe in die wêreld wat ons ken (dit wil sê die fisiese, materiële wêreld) geskape het.

Die Bybel beskryf die lede van die geestelike wêreld met ‘n verskeidenheid van terme (bv. Rom 8:38; 1 Pet 3:22). Ek het van hulle bekendgestel in die boek. Sekere van die terme is werk beskrywings – maniere om wat die geestelike wese *doen* te beskryf. “Engel” is een voorbeeld. Die term beteken “boodskapper”. Bygesê, in die Grieks-Romeinse kultuur van die Nuwe Testament het “engele” ook ‘n term geword vir enige lid van die hemelskare wie nie teen God gerebelleer het nie. Die term “demoon” het die merk geword vir almal wat wel gerebelleer het, ten spyte van die feit dat “demoon” ‘n verskeidenheid van betekenisse gehad het in die antieke wêreld.

Die beskrywende frase “seuns van God” is ‘n familie term wat ons herhinder dat God die Vader (Skepper) van geestelike wesens is. Die term beteken meer as dit. Ek bespreek die frase in *Supernatural* en *The Unseen Realm* deeglik. “Seuns van God” verwys na ‘n hoë rang in God se “werksmag.” Dit is getrek van die taal van hoe ‘n koning se kinders in die antieke wêreld hoë posisies en verantwoordelikhede gekry het. In die bybelse verhaal, die “seuns van God” was aangestel om die nasies te heers wie God by Babel veroordeel het – ‘n werk wat meer belangrik was as om boodskappe af te lewer (die taak van “engele”).

Oorspronklik was al die lede van die geestelike wêreld getrou aan God. Dinge het nie so gebly nie. Soos ons in die boek gelees het, het God Sy kwaliteite met die lede van die geestelike wêreld gedeel toe Hy hulle geskep het. Een van daardie kwaliteite was vrye keuse. Sekere van die lede van die geestelike

wêreld het hulle vryheid uitgeoefen deur om teen God se wense en God se familie te rebelleer. Gesamentlik is alle geestelike wesens in rebellie teen God en Sy mense die “kragte van die donker.” Nogtans onderskei die Bybel God se geestelike vyande gedurende die verloop van die verhaal van God se begeerte om ‘n menslike familie te hê.

Die Bybel beskryf drie sulke rebellies. Die eerste het plaasgevind in die Tuin van Eden. Een van die lede van die geestelike wêreld wou God se begeerte om ‘n menslike familie te hê, ondermyn. In die bybelse verhaal het daardie figuur na Eva gekom as ‘n slang en haar verlei. Later in die Bybel het terme soos “Satan” (‘n term wat “Teenstander” beteken) en “Duiwel” (‘n term wat lasteraar beteken) name geword vir die oorspronklike rebel.

Later in die bybelse verhaal het sommige van die hemelse seuns van God gerebelleer. Hulle het die grens oortree tussen die geestelike en die fisiese wêreld. Die kort boek van Judas beskryf hulle sonde as “nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie”. Kerk tradisie het uiteindelik hierdie rebellerende seuns van God “gevalle engele” genoem (vaagweg) om hulle “val” van heiligheid te beskryf, of “demone” om hulle boosheid aan te dui. Ten spyte van die feit dat die Ou Testament nooit “engele” of “demone” gebruik vir die rebelle van Gen 6:1-4.

Laastens, die “seuns van God”, onder wie die nasies aangestel was na die Toring van Babel episode, het korrup geraak op een of ander punt in hulle opdrag. Psalm 82 is oor hulle veroordeling. Hierdie territoriale entiteite is die basis vir die bonatuurlike “prinse” geassosieer met nasies in Daniel 10, so wel as die “owerhede”, “regeerders”, “trone” en “kragte” wat Paulus oor geskryf het in verskillende gedeeltes (bv. Efe 6:11-12). Al hierdie terme praat van geografiese heerskappy en dus is hulle toepaslik om die situasie te beskryf wat na vore gekom het na Babel in die bybelse verhaal.